

**‘n Model vir die ontwerp, implementering en evaluering van
programme vir landelike, mikro inkomste-
genereringsprojekte**

deur

Louise Carstens (Hugo)

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

M. Verbruikerswetenskap

in die Fakulteit Natuur- & Landbouwetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Oktober 2001

BEDANKING

Die voltooiing van hierdie skripsie sou nie vir my 'n waarheid geword het sonder my ouers se goed inpraat, Ian my afgeskepe man se tranes afveëry en Prof Trollip se volgehoue ondersteuning en raad nie.

My dank aan julle.

.

INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|------------|
| LYS VAN FIGURE | vi |
| LYS VAN TABELLE | vii |
| HOOFSTUK 1: DIE STUDIE IN PERPSEKTIEF | 1 |
| 1.1 INLEIDING | 1 |
| 1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE | 5 |
| HOOFSTUK 2: RIGLYNE VIR PROGRAMFORMULERING | 7 |
| 2.1 INLEIDING | 7 |
| 2.2 RIGLYNE VIR PROGRAMFORMULERING..... | 9 |
| 2.2.1 Behoeftebepaling en –analise | 9 |
| 2.2.2 Konteks van die teikengroep | 11 |
| 2.2.2.1 Kulturele konteks | 12 |
| 2.2.2.2 Hulpbron ontleding..... | 13 |
| 2.2.3 Probleemidentifisering en doelstellingformulering | 14 |
| 2.2.3.1 Uitkomste..... | 16 |
| 2.2.3.2 Doelwitte..... | 18 |
| 2.2.4 Implementering..... | 21 |
| 2.2.5 Evaluering..... | 27 |
| 2.2.5.1 Omskrywing van evaluering | 27 |
| 2.2.5.2 Rasionaal vir progamevaluering..... | 28 |
| 2.2.5.3 Tipes evaluering | 29 |
| 2.2.5.4 Formatiewe en summatiewe evaluering | 32 |
| 2.2.5.5 Kriteria of dimensies vir evaluering | 33 |
| 2.2.5.6 Evalueringsprobleme | 34 |
| 2.2.5.7 Evalueringsmetodes..... | 37 |
| 2.3 SAMEVATTING | 37 |

| | |
|--|--------|
| HOOFSTUK 3: MODELLE VIR SOSIALE PROGRAMME | 39 |
| 3.1 INLEIDING | 39 |
| 3.2 MOUTON SE KONSEPTUELE RAAMWERK VIR SOSIALE PROGRAMME | 40 |
| 3.2.1 Inleiding..... | 40 |
| 3.2.2 Bespreking van die kern dimensies..... | 41 |
| 3.3 LOGIKA MODEL PROSES | 43 |
| 3.3.1 Inleiding..... | 43 |
| 3.3.2 Elemente van die Logika model | 45 |
| 3.3.3 Fases in die samestelling van die Logika model..... | 46 |
| 3.3.3.1 Fase 1: Versameling van relevante inligting..... | 46 |
| 3.3.3.2 Fase 2: Definiëring van die probleem..... | 47 |
| 3.3.3.3 Fase 3: Definiëring van die elemente van die Logika model..... | 47 |
| 3.3.3.4 Fase 4: Konstruering van die Logika model | 49 |
| 3.3.3.5 Fase 5: Verifiëring van die Logika model | 50 |
| 3.3.4 Die meting van prestasie | 51 |
| 3.3.5 Samevatting | 53 |
| 3.4 AKTIWITEITS-/ ONTWKKELENGSMODEL..... | 53 |
| 3.4.1 Inleiding..... | 53 |
| 3.4.2 Bespreking van die Aktiwiteitsmodel | 55 |
| 3.5 SAMEVATTING | 56 |
| HOOFSTUK 4: KONTEKS VAN DIE TEIKENGROEP | 57 |
| 4.1 INLEIDING | 57 |
| 4.2 KONTEKSBEKRYWING | 58 |
| 4.2.1 Fisiese konteks en hulpbronne..... | 58 |
| 4.2.2 Kulturele konteks..... | 59 |
| 4.2.2.1 Kosmologie van swart Suid-Afrikaners..... | 60 |
| 4.2.2.2 Problematiese kosmologiese veronderstellings..... | 62 |
| 4.2.2.3 Hantering van problematiek rakende kosmologiese idees..... | 64 |
| 4.2.3 Aanvegbare aannames in gemeenskapsontwikkeling | 65 |
| 4.3 SAMEVATTING | 67 |

| | |
|---|-----|
| HOOFSTUK 5: ANALITIESE RAAMWERK | 69 |
| 5.1 INLEIDING | 69 |
| 5.2 PROGRAMDOELSTELLING | 69 |
| 5.3 ANALITIESE RAAMWERK..... | 70 |
| 5.3.1 Makro-vlak komponente: Kontrole besluitneming..... | 75 |
| 5.3.1.1 Projekontwerp, bestuurs- en administrasie besluitneming | 75 |
| 5.3.1.2 Finansiële bestuur en hulpbronne..... | 76 |
| 5.3.1.3 Hulpbronontginning- en verkrygingsbesluite | 77 |
| 5.3.1.4 Bemarkingsbesluite: Produkbesluite en produkfilosofie..... | 79 |
| 5.3.2 Intermediêre vlak komponente: Implementering..... | 80 |
| 5.3.2.1 Projekbestuur | 80 |
| 5.3.2.2 Finansiële bestuur en hulpbronne..... | 82 |
| 5.3.2.3 Hulpbronontginning en netwerkvorming..... | 84 |
| 5.3.2.4 Produkontwikkeling..... | 88 |
| 5.3.2.5 Bemarkingstrategieë | 90 |
| 5.3.3 Individu vlak komponente..... | 92 |
| 5.3.3.1 Aanleer van bestuursvaardighede..... | 92 |
| 5.3.3.2 Aanleer van produksievaardighede | 94 |
| 5.3.3.3 Aanleer van bemarkingsvaardighede..... | 95 |
| 5.3.3.4 Kulturele sensitering..... | 96 |
| 5.3.4 Logika model implementering..... | 97 |
| 5.4 EVALUERING | 98 |
| 5.4.1 Inleiding..... | 98 |
| 5.4.1.1 Analise verwant aan konseptualisering en ontwerp | 98 |
| 5.4.1.2 Monitering van program implementering..... | 99 |
| 5.4.1.3 Bepaling van programdoeltreffendheid | 100 |
| 5.4.2 Voorbeeld van evalueringskriteria vir boekhouvaardighede..... | 101 |
| 5.5 TYDRAAMWERK | 102 |
| 5.5.1 Inleiding..... | 102 |
| 5.5.2 Voorgestelde tydraamwerk..... | 103 |

| | | |
|--|---|------------|
| 5.6 | BEGROTINGSRAAMWERK..... | 107 |
| 5.6.1 | Inleiding..... | 107 |
| 5.6.2 | Voorgestelde begrotingsraamwerk | 108 |
| 5.6.2.1 | Aanvangskostes..... | 108 |
| 5.7 | SAMEVATTING | 110 |
| HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING | | 111 |
| 6.1 | INLEIDING | 111 |
| 6.2 | KENMERKENDE METODOLOGIESE BEGINSELS | 112 |
| 6.2.1 | Die waarde van ‘n analitiese raamwerk | 112 |
| 6.2.2 | Die belangrikheid van konseptuele duidelikheid..... | 112 |
| 6.2.3 | Fokus op ontwerp eerder as metode..... | 113 |
| 6.2.4 | Die tydsberekening vir evaluering..... | 113 |
| 6.3 | GEVOLGTREKKING..... | 114 |
| LITERATUURVERWYSINGSLYS | | 115 |

LYS VAN FIGURE

| | |
|---|-----|
| FIGUUR 2.1: ANALITIESE RAAMWERK VIR SOIALE PROGRAM IMPLEMENTERING | 23 |
| FIGUUR 2.2: FASES VAN PROGRAM IMPLEMENTERING | 24 |
| FIGUUR 3.1: MOUTON SE KONSEPTUELE RAAMWERK | 41 |
| FIGUUR 3.2: ELEMENTE VAN DIE LOGIKA MODEL | 44 |
| FIGUUR 3.3: AKTIWITEITSMODEL | 54 |
| FIGUUR 5.1: ANALITIESE RAAMWERK | 71 |
| FIGUUR 5.2: VOORSTELLING VAN DIE VOORTDURENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE KOMPONENTE VAN DIE ONDERSKEIE VLAKKE. | 73 |
| FIGUUR 5.3: PROJEKONTWERP, BESTUURS- EN ADMINISTRATIEWE BESLUITNEMING | 75 |
| FIGUUR 5.4: FINANSIËLE BESTUUR EN HULPBRONNE | 76 |
| FIGUUR 5.5: INTERNE HULPBRONONTGINNING EN VERKRYGINGSBESLUIE..... | 77 |
| FIGUUR 5.6: EKSTERNE HULPBRONONTGINNING EN VERKRYGINGSBESLUIE..... | 78 |
| FIGUUR 5.7: BEMARKINGSBESLUIE: PRODUKBESLUIE EN PRODUKFILOSOFIE | 79 |
| FIGUUR 5.8: PROJEKBESTUUR..... | 80 |
| FIGUUR 5.9: FINANSIËLE BESTUUR EN HULPBRONNE | 82 |
| FIGUUR 5.10:INTERNE HULPBRONONTGINNING EN NETWERKVORMING | 84 |
| FIGUUR 5.11:EKSTERNE HULPBRONONTGINNING EN NETWERKVORMING | 86 |
| FIGUUR 5.12:PRODUKONTWIKKELING..... | 89 |
| FIGUUR 5.13:BEMARKINGSTRATEGIEë | 91 |
| FIGUUR 5.14:AANLEER VAN BESTUURSWAARDIGHEDE..... | 93 |
| FIGUUR 5.15:AANLEER VAN PRODUKSIEWAARDIGHEDE..... | 94 |
| FIGUUR 5.16:AANLEER VAN BEMARKINGSWAARDIGHEDE..... | 95 |
| FIGUUR 5.17:KULTURELE SENSITERING | 96 |
| FIGUUR 5.18 PRODUKONTWIKKELINGSIKLUS TYDRAAMWERK..... | 106 |

LYS VAN TABELLE

| | |
|---|-----|
| TABEL 5.1: KORT- EN MEDIUM TERMYN TYDRAAMWERK..... | 104 |
| TABEL 5.2: LANGTERMYN TYDRAAMWERK..... | 105 |
| TABEL 5.3: BEGROTINGSRAAMWERK VIR AANVANGSKOSTES | 108 |
| TABEL 5.4: BEGROTINGSRAAMWERK VIR BEDRYFSUITGAWES | 109 |

HOOFSTUK 1

DIE STUDIE IN PERSPEKTIEF

1.1 INLEIDING

Armoede bly 'n voortslepende probleem in Suid-Afrika. Volgens die 1996 sensus opname is ongeveer 34% volwassenes in Suid-Afrika werkloos wat 'n aanduiding is van grootskaalse armoede (The people of South Africa population sensus, 1996: Statistics in brief, 1998:41). Dit is vir werkloos 'n worsteling om ekonomies te oorleef in 'n samelewing waar werksgeleenthede selfs vir die geletterde gedeelte van die populasie onvoldoende is. Faktore wat tot armoede en werkloosheid bydra, is onder andere ongeletterdheid, 'n swak ontwikkelde infrastruktuur op die platteland, die politieke situasie rondom die apartheidsjare en min geleenthede binne 'n sukkelende ekonomiese omgewing. Dit is vroue en veral plattelandse vroue wat baie kwesbaar is en erg hierdeur geraak word.

Na die 1995 verkiesing en die intrede van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika word veral klem gelê op aksies om armoede te bekamp. Die huidige politieke regime in Suid-Afrika beklemtoon ontwikkeling van agtergeblewenes en die verantwoordelikheid van die openbare sektor in hierdie verband (Burger, 1997:79; Wetmore & Theron, 1998:49). Aansienlike hoeveelhede geld word deur die plaaslike en internasionale regerings en groot besigheidsondernemings beskikbaar gestel om opleidingsprogramme te finansier, veral om vroue op te hef en te bemagtig. Die HOP (Herontplooiing en Ontwikkelingsprogram) het met die totstandkoming daarvan reeds aangedui dat investering vanuit die openbare sektor moet konsentreer op die verligting van probleme van armer gemeenskappe. Die Foresight Dokumente (2001) doen ook hierdie aanbevelings. In opvolging hiervan is die gesindheid van besighede teenoor ontwikkeling en die opheffing van armoede ook baie meer positief. Instansies soos die WNNR (Wetenskaplike Nywerheid en Navorsings Raad) en Universiteite bemoei hul ook al hoe meer met gemeenskapsontwikkeling en die verligting van armoede.

Een van die wyses waarop ekonomiese ontwikkeling kan geskied is deur mense te help om self 'n inkomste te genereer. Die media onderskryf ook die fokus wat op klein-sakeprojekte geplaas moet word (Swart, 2000:1). Gemeenskapsontwikkeling, met die fokus op entrepreneurskap en inkomstegenerering word dus allerweë aangemoedig.

Met die opening van die parlement gedurende 1999 het president Thabo Mbeki 'n versoek gerig dat daar meer klem gelê moet word op die ontwikkeling van 'n omvattende nuwe samewerkingstrategie om gemeenskappe te ontwikkel by wyse van volhoubare ontwikkelingsprojekte op ekonomiese gebied. Daar word voorgestel dat die finansiële sektor, georganiseerde arbeid, nie-regeringsorganisasies en ander belange groepe en gemeenskappe saam werk met die doel om inkomste-genereringsprojekte te begin (Swart, 2000:1). Verskeie studies is geïnisieer en projekte is geïdentifiseer wat tot werkskepping kan lei, byvoorbeeld projekte wat inheemse kennis aanwend.

Handvaardighede is een van die min opsies vir ongeletterdes, veral vroue, om inkomste te genereer. Vaardighedsopleidingsprojekte is dus gewild. Dikwels is die kwaliteit en inhoud van die opleiding só verskaf nie voldoende om die leerder ten volle toe te rus om 'n mikro- of kleinsake onderneming te bedryf nie. Die resultate van verskeie studies toon dat vele ontwikkelingsprogramme nie met die werklike behoeftes van 'n bepaalde teikengroep in gedagte ontwikkel word nie (Trollip, 1997:2; Kempen, Greyvenstein & Venter, 1997:131).

Mayoux (1989) stel dat min van die projekte in werklikheid tot inkomstegenerering lei. Baie ontwikkelingsprogramme fokus slegs op die onderrig van vaardighede en sluit nie altyd die kennis wat benodig word om die vaardighede toe te pas om inkomste te genereer in nie, byvoorbeeld bemarking, finansiële bestuur, projekbestuur, kennis oor die teikenmark en die opspoor van hulpmiddels, ensovoorts. Dit wil voorts voorkom of die resultate van ontwikkelingsprojekte in die verlede selde aan doeltreffende evaluering onderwerp is. Baie projekte word ook in isolasie bedryf. Alhoewel die doelwitte van ontwikkeling nie altyd in die verlede bereik is nie, is daar tog oor die jare heen gepoog om 'n suksesresepte

ontwikkel (Wetmore & Theron, 1998:31). Kempen *et al*, 1997:134 meen dat 'n holistiese en geïntegreerde ontwikkelingsaksie tot groter sukses kan lei.

Vanuit 'n sosiologiese invalshoek word ontwikkelingsprojekte en programme as voorbeelde van sosiale intervensies beskou. Mouton (1999:9) definieer sosiale intervensies as “...*structured (even programmatic) and more permanent social actions aimed at changing something in the social world for the better*”. Sosiale intervensies behels die sosiale bemiddeling of ingrypingsaksies van een of ander aard as iets nie verloop het soos dit moet nie en probleme gevolglik opduik.

Befonders, programbeplanners, bestuurders en ander belanghebbende partye moet gedurig onderskei tussen effektiewe en oneffektiewe programme. Daar moet besluit word of nuwe programme geloods gaan word en of bestaande programme verbeter gaan word om die verwagte resultate te bereik (Rossi, Freeman & Lipsey, 1999:4). Doeltreffende programformulering of ontwerp is dus die eerste stap vir 'n suksesvolle sosiale intervensie.

Wanneer sosiale intervensies beplan word, moet antwoorde op die volgende tipe vrae gekry word. Dit kan ook gesien word as vereistes waaraan 'n sosiale intervensie moet voldoen en kan terselfdertyd as riglyne tydens programbeplanning dien:

- Wat is die aard en omvang van die probleem? Waar is dit, wie affekteer dit en hoe word hierdie mense geaffekteer?
- Watter aspek van die probleem of die gevolge daarvan regverdig nuwe, uitgebreide of veranderde sosiale programme?
- Watter uitvoerbare intervensies is geskik om die probleem betekenisvol te verbeter?
- Watter teikenpopulasies moet aan intervensies onderwerp word?
- Bereik die bepaalde intervensie die teikenpopulasie?
- Word die intervensie goed geïmplementeer? Word die bedoelde dienste gelewer?
- Is die intervensie effektief in die bereiking van die verwagte uitkomst?
- Hoeveel kos die program?

- Is die koste van die program in verhouding met die effektiwiteit en voordele daarvan? (Rossi *et al*, 1999:5).

Die groot bedrae geld wat aan ontwikkelingsprojekte spandeer word, noop toenemend die finansiers om op 'n wetenskaplike wyse te bepaal of gestelde doelwitte bereik kan word of nie. Dit is essensieel dat hierdie programme effektief beplan word om die hulpbronne optimaal te benut (Murphy, 1989:456; McLaughlin & Jordan, 1999:65). Aangesien begrippe soos sukses en doeltreffendheid waarde-oordele impliseer, bring dit mee dat 'n behoefte aan die evaluering van projekte wat onder die vaandel van ontwikkeling aangebied word, ontstaan. Evaluering behoort te bepaal of die program korrek beplan is, korrek geïmplementeer is, of die program effektief is, naamlik of die beplande uitkomst bereik is en laastens of die program uitkomst op die mees koste-effektiewe wyse bewerkstellig is (Mouton, 1999:7). Vir sover daar ook toenemend openbare hulpbronne betrokke is vir die loodsing van hierdie projekte, is dit in landsbelang dat die tipe programme oordeelkundig beplan en effektief geëvalueer word (Groenewald, 1984:129; Tapson, 1995:259). Beperkte hulpbronne vir sosiale programme regdeur die wêreld, insluitend Suid-Afrika, noodsaak dat sulke investerings bewysbare voordele in ooreenstemming met die koste daaraan verbonde voortbring. Dit noodsaak die opweeg van voordele teen koste.

Volgens Rossi *et al* (1999:17-18) is dit 'n wêreldwye verskynsel dat programme nie so suksesvol is as wat dit behoort te wees nie. Om te verseker dat sosiale programme meer suksesvol is, word dit toenemend belangrik om programme nie net na die afloop daarvan nie, maar ook tydens programontwerp te beoordeel en te evalueer.

Murphy (1989:454) toon aan dat evalueringsprosedures noodsaaklike gereedskap is om ontwikkelingsbeamptes in staat te stel om periodiek te kyk hoe die afsonderlike dele van die program funksioneer. Evaluering is 'n noodsaaklike komponent vir die verfyning van beplanning en uitvoering van programme om te verseker dat dit in die regte rigting beweeg om die gestelde doelwitte te bereik. Slegs as programme, op grond van die data verkry deur sistematiese evaluering, voortdurend beoordeel, gestroomlyn en verfyn word bly dit dinamies en behou dit die funksie waarvoor dit ontwerp is (Murphy, 1989:455).

Uit die literatuur blyk dat bestaande modelle, soos die van Mouton (1999:10), en McLaughlin en Jordan (1999:67) en ander modelle nie voorheen aangepas was vir inkomstegenerering deur middel van handvaardighede nie. Trollip se Aktiwiteitsmodel (Trollip, 2001:48) is 'n eerste stap om uitkomst in die veld te identifiseer. So 'n tipe model kan in 'n volgende fase in terme van reeds bestaande konseptuele modelle in 'n ontwikkelingsprogramraamwerk verwerk word. Tweedens is daar 'n leemte aan 'n model as 'n hulpmiddel, wat nie net insette en prosesse beskryf nie, maar wat ook 'n maatstaf verskaf om uitkomst te meet in terme van die beoogde doelstellings. So 'n programraamwerk behoort ook vir evaluering voorsiening te maak.

1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doel van hierdie studie is om 'n bestaande Aktiwiteitsmodel, in die veld van gemeenskapsontwikkeling en meer spesifiek inkomstegenerering en entrepreneurskap, naamlik die model van Trollip (2001:48) in terme van geskikte konseptuele model(le) in 'n programraamwerk te formuleer of te vervat.

Met inagneming van die voorafgaande oorsig word die volgende spesifieke doelwitte vir hierdie studie gestel:

- Om bestaande inligting en modelle wat gebruik word in programformulering en progamevaluering te ondersoek en te analiseer om riglyne vir programformulering te identifiseer,
- Om 'n analitiese raamwerk vir die studie te ontwikkel,
- Om die Aktiwiteitsmodel van Trollip (2001:48) in terme van die analitiese raamwerk te verwerk en uit te brei om as riglyn vir implementering van soortgelyke ontwikkelingsprogramme te dien,
- Om 'n studie te ontwerp wat impak-evaluering sal moontlik maak.

Hierdie inleidende hoofstuk word afgesluit met 'n vooruitskouing van die wyse waarop die res van die studie aangebied word. In hoofstuk 2 volg 'n literatuuroorsig oor die riglyne vir programformulering. Hoofstuk 3 handel oor konseptuele modelle vir sosiale programme insluitend die Aktiwiteitsmodel van Trollip. Hoofstuk 4 behels die bespreking van die konteks waarvoor die model geskryf word en in Hoofstuk 5 word 'n analitiese raamwerk geformuleer. Hoofstuk 6 handel oor die samevatting van die geformuleerde analitiese raamwerk en die studie.

HOOFSTUK 2

RIGLYNE VIR PROGRAMFORMULERING

2.1 INLEIDING

Soos reeds gestel, blyk dit dat doeltreffende programformulering 'n voorvereiste is vir 'n suksesvolle sosiale intervensie. Daar sal in hierdie hoofstuk gepoog word om die riglyne vir programformulering uit te lig wat dan as maatstawwe gebruik kan word vir doeltreffende programformulering en programbeplanning.

Daar is 'n skaarste of leemte in die literatuur wat direkte riglyne vir die formulering van ontwikkelingsprogramme, aandui. Wasserman & Kriel (1997:4) noem dit “ *'n teoretiese bankrotskap*”. Die kort bestaanstyd van die gemeenskapsontwikkelingsdissipline kan 'n moontlike rede hiervoor wees (Wasserman & Kriel, 1997:5). Nog 'n rede is die traagheid van gemeenskapsontwikkelaars om hul ervarings in terme van teorie te verwoord. Daar bestaan onder die meeste gemeenskapsontwikkelaars 'n vyandigheid teenoor teorie. Hulle glo teorie kom uit boeke en artikels en nie uit die pen van gemeenskapsontwikkelaars nie. Gemeenskapsontwikkelaars is nie bereid om hul besig te hou met “science-ing the common sense of social intervention” nie (Blakely, 1979:15). Nog 'n rede is die laksheid van teoretici om die toepassingsmoontlikhede van hul navorsingsbevindinge vir gemeenskapsontwikkeling aan te toon (Wasserman & Kriel, 1997:6).

Vanweë die literatuurleemte sal die inligting oor riglyne vir programontwerp hoofsaaklik uit twee hoof brongroepe verkry word, naamlik direkte riglyne uit literatuur oor gemeenskapsontwikkeling en afgeleide of indirekte riglyne uit evalueringsliteratuur. Die rede waarom daar van evalueringsliteratuur gebruik gemaak word is dat die bakens wat gestel word vir die formulering van programme uiteindelik die maatstawwe word waaraan

die program gemeet word. Programme behoort so opgestel te word dat dit evalueerbaar is. Evaluering is ter sprake omdat dit by implikasie beteken dat wat ontwerp of geformuleer is in meetbare terme geskryf moet word. Maatstawwe of riglyne is dus nodig. Rossi *et al* (1999:22) identifiseer vier aspekte van programme wat geëvalueer kan word, naamlik konseptualisering en ontwerp, implementering en die bruikbaarheid van die program. By implikasie is dit ook aspekte wat by programformulering noulettend moet aandag kry. Hierdie aspekte hou verband met die riglyne vir programontwerp.

Die riglyne vir programformulering word uit 'n wye verwysingsraamwerk van studieveldde saamgestel. Uit 'n opvoedkundige invalshoek gee Murphy (1989) riglyne oor die evaluering van opvoedkundige programme wat by implikasie ook riglyne vir programformulering is. Groenewald (1984) gee riglyne vanuit 'n sosiologiese of maatskaplike invalshoek. Uit 'n antropologiese ontwikkelingsinvalshoek identifiseer Wasserman & Kriel (1997) fases wat ooreenstemming toon met die geïdentifiseerde riglyne vir programformulering.

Uit die literatuur wil dit voorkom of die volgende aspekte as riglyne vir programformulering in ag geneem moet word:

- Behoeftebepaling en -analise
- Konteks van die teikengroep
- Probleem identifisering en doelstellingformulering
- Implementering
- Evaluering

2.2 RIGLYNE VIR PROGRAMFORMULERING

2.2.1 Behoeftebepaling en -analise

Die belangrikheid van 'n deeglike vooraf behoeftebepaling word onderskryf deur outeurs uit verskillende dissiplines (Wasserman & Kriel, 1997:31; Groenewald, 1984:130; Rossi *et al*, 1999:35; McKillup, 1998:261 en Prosavac & Carey in Mouton, 1999:6).

Volgens Robbins (in Trollip 2001:46) verteenwoordig 'n behoefte 'n interne toestand wat sekere uitkomst aantreklik laat lyk. 'n Onvervulde behoefte veroorsaak spanning wat sal aanleiding gee tot bepaalde gedrag om die behoefte te bevredig en die spanning te verminder.

'n Behoeftebepaling kan om verskeie redes uitgevoer word. Dit verskaf antwoorde oor sosiale toestande wat aangespreek moet word (Rossi *et al*, 1999:63). As sulks is dit dus 'n belangrike hulpmiddel om probleme duidelik te omskryf en 'n sosiale program te ontwikkel en te evalueer. Rossi *et al* (1999:64) beklemtoon die verband soos volg: *"The primary rationale for initiating or maintaining a social program is a presenting or incipient social problem – by which we mean socially recognized deficiencies in the social conditions"*.

Rossi *et al* (1999:64) stel dat 'n behoeftebepaling een van twee wyses kan aanneem. Dit kan gedoen word om die behoeftes van die potensiële teikenpopulasie te bepaal soos wat hulle dit self waarneem. Die behoeftebepaling kan ook ten doel hê om die behoeftes te operasionaliseer. Die dienste nodig om die behoeftes aan te spreek kan dus uit die beskrywing daarvan afgelei word.

Antropoloë soos Wasserman & Kriel (1997:32) werp verdere lig op behoeftes, naamlik soos dit deur die buitestaander waargeneem en soos dit deur die binnestaander ervaar word. Hierdie antropoloë stel dat die gemeenskapsontwikkelaar 'n duidelike beeld moet hê van die faktore wat hyself, individue uit die gemeenskap, en ander professionele persone as bekommernisse, behoeftes of probleme in die gemeenskap geïdentifiseer het. Al die

belanghebbendes of rolspelers sal behoeftes identifiseer in terme van hul eie standpunte. So sal die behoeftes wat geformuleer word vanuit die programformuleerder se standpunt, die teikengroep se standpunt en die individuele lede se standpunte verskil. Individuele lede het byvoorbeeld volgens hul eie vermoëns en omstandighede verskillende behoeftes. Behoeftes en die interpretasie daarvan word ook deur die teikengroep se kulturele konteks beïnvloed. Vanweë hul agtergeblewe omstandighede, kan gemeenskapslede ook behoeftes hê waarvan hulle nie bewus is nie.

Die aard en omvang van die geïdentifiseerde behoeftes en probleme moet gedefinieer word. Volgens Wasserman & Kriel (1997:31) beweer die meeste skrywers dat 'n behoefte eers 'n behoefte is wanneer dit duidelik begrens of gedefinieer is. Die twee aspekte, naamlik identifisering en definiëring van behoeftes is ewe belangrik. Die implikasie hiervan is dat die gemeenskapsontwikkelaar nie sonder meer kan aanvaar dat 'n situasie in die gemeenskap noodwendig problematies is bloot omdat hyself, ander professionele persone of individue uit die gemeenskap, dit kommerwekkend ag nie. Die aanvanklik geïdentifiseerde probleem word eers na definiëring in konkrete behoeftes omskep. Die mense se behoeftes moet nie net geïdentifiseer word nie. Hulle moet ook gelei word om na te dink waarom hulle hul behoeftes wil bevredig en by implikasie hul omstandighede wil verander, asook wat die kort- en langtermyn implikasies van die verandering sal wees en sal dit wat hulle wil hê die verwagte resultate oplewer.

'n Behoeftebepaling behoort deur 'n analise en evaluering gevolg te word (Trollip, 2001:46). Sodoende word verseker dat probleme grondig gedefinieer kan word.

Behoeftebepalings kan volgens 'n verskeidenheid van metodes uitgevoer word. Volgens Groenewald (1984:130) en Rossi *et al* (1999:64) kan inligting oor behoeftes verkry word deur die bestudering van relevante literatuur in die veld asook, indien beskikbaar, deur die bestudering van vorige verslae en rekords. Onderhoude kan met personeel gevoer word. Agentskappe wat soortgelyke programme aanbied kan gekontak word en inligting kan binne die betrokke teikengemeenskap ingesamel word.

Nadat die behoeftes en probleme geïdentifiseer en gedefinieer is behoort dit in prioriteitsorde gerangskik te word. Die redes hiervoor is eerstens dat die lys van behoeftes gewoonlik te omvattend is om gelyktydig te hanteer en tweedens is die behoeftes nie altyd net beperk tot voldoening daaraan op gemeenskapsvlak nie. Kriteria wat gebruik kan word vir prioriteitsbepaling is die beskikbaarheid van hulpbronne, die dringendheid van die probleem, die omvang van die probleem en die beskikbaarheid van fondse (Wasserman & Kriel, 1997:32-33).

Dit is reeds beklemtoon dat daar 'n direkte verband is tussen 'n duidelike identifisering van behoeftes, omskrywing van probleme, doeltreffende konseptualisering en programontwerp.

2.2.2 Konteks van die teikengroep

Skrywers soos McLaughlin & Jordan (1999:65), Wasserman & Kriel (1997:28) en Mouton (1999:13) beklemtoon dat 'n deeglike studie van die konteks van die teikengroep op wie die program gerig is, uitgevoer moet word en reeds deel van die behoefte-analise behoort uit te maak.

Die doel van so 'n situasie-analise is om 'n duidelike basis vir die beplanning van verandering te vestig. Kennis omtrent die gemeenskap en hul omgewing word reeds vanaf die eerste kontak met die gemeenskap ingesamel. Wasserman & Kriel (1997:28) noem hierdie kennis insamelingsfase, die fase van situasie-analise.

'n Belangrike aspek wat deur Wasserman & Kriel (1997:31) uitgelig word is dat die fase van situasie-analise in die literatuur nie as 'n voortdurende aktiwiteit in die gang van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek aangedui word nie maar bloot as 'n fase aan die begin van die projek. Die feit dat die intervensie voortdurende verandering in 'n gemeenskap meebring word buite rekening gelaat.

Die tipe inligting wat versamel behoort te word is byvoorbeeld inligting oor die fisiese kenmerke en klimaat, demografiese en ander gegewens betreffende die inwoners, dienste, fasiliteite en ander hulpbronne wat in die gemeenskap beskikbaar is, vervoerstelsels en

infrastruktuur, behuising, ekonomiese strukture, politieke omstandighede, leierskapstrukture, kommunikasienetwerke, kulturele aspekte en bestaande hulpbronne in die gemeenskap byvoorbeeld kennis en vaardighede van gemeenskapslede.

McLaughlin & Jordan (1999:66) maan dat sleutelkontekseffekte waaroor programdeelhebbers nie 'n invloed het nie en wat die sukses van die program positief of negatief kan beïnvloed, ook in ag geneem moet word. Kulturele aspekte soos waardes, norme, gebruike en taboes kan 'n bepalende rol speel in die suksesvolle implementering van programme en word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

2.2.2.1 Kulturele konteks

Ferrinho, 1980:7 omskryf kultuur as volg: *“the symbolic environment created and developed by man...the common way of thinking, feeling, and acting shared by the actor and others”*. 'n Kulturele konteks bestaan uit die mens se wêreldsiening en lewenstyl of soos Wasserman & Kriel (1997:18) dit noem, lewens- en wêreldbeskouinge. Dit word gevorm en beïnvloed deur die mens se gelowe, waardes en houdings.

Uit die literatuur blyk dit dat daar veral 'n onderbeklemtoning van lewens- en wêreldbeskouinge in gemeenskapsontwikkeling is. Kirkpatrick (in Wasserman & Kriel, 1997:18) se stelling beklemtoon dit so: *“...so much of the literature of community development does not read as if the cultural context mattered”*. Die konteks waarbinne die groep se emosies en gevoelens bestaan en gevorm word, word dikwels in ontwikkelingsprogramme geïgnoreer. Slegs as hierdie konteks verstaan word, kan die aktuele daaglikse probleme wat die mense ervaar verstaan word (Kotze & Kotze, 1996:5-6). Terwyl die ontwikkelaars probeer om die mense, hul behoeftes en prioriteite te verstaan, worstel die mense met hul eie probleme in terme van hul eie betekenisgewende of kulturele konteks.

Kotze & Kotze (1996:8) beskryf hierdie betekenisgewende konteks van die gemeenskap as 'n ekologie van idees wat beïnvloed word deur vorige ondervindinge, gelowe, waardes, persepsies, hul wêreldsiening van die werklikheid (kultuurspesifieke stel van bestaande

veronderstellings) en etnos (die aanvaarde lewenstyl van die spesifieke gemeenskap). Dieselfde outeurs is van mening dat die mense se betekenisgewende konteks die enigste raamwerk is waarbinne verhoudings tussen die gemeenskap en ontwikkelaars geskep kan word.

Inheemse kennis en insig van die kulturele groep word ook dikwels geïgnoreer deur ontwikkelaars. Dit is egter waardevolle kennis wat die basis kan vorm vir ontwikkeling (Kotze & Kotze, 1996:5).

Kulturele aspekte soos interpersoonlike verhoudinge, magsposisies en -strewes, ouderdom en geslag veroorsaak dikwels konflik in 'n groep. Dit is kulturele beperkinge wat kan veroorsaak dat projekte nie volgehou word nie en op die lang duur misluk, selfs al is al die ander insette suksesvol (Durham & Littrell, 2000:268).

Dit is duidelik dat kultuur 'n baie belangrike aspek van die konteks van die teikengroep is wat in ag geneem moet word tydens programmeplanning.

Hulpbron ontleding vorm ook deel van die konteks van die teikengroep wat vervolgens bespreek word.

2.2.2.2 Hulpbron ontleding

Rossi *et al* (1999:37) skryf dat die omgewing of beskikbare hulpbronne deurgaans in gedagte gehou moet word en gebruik kan word om die program te ondersteun. Volgens Smith (in Groenewald, 1984:131) sluit dit situasionele veranderlikes in; dit is veranderlikes wat nie deur die program beïnvloed kan word nie maar tog 'n effek kan hê op die resultate van die program.

Volgens Wasserman & Kriel (1997:36) kan hulpbronne wat by ontwikkelingsprojekte gebruik kan word, in vier kategorieë saamgevat en georden word:

- Menslike hulpbronne: Dit bestaan uit sowel die aantal mense beskikbaar vir aktiewe deelname, as hulle kennis, vaardighede, tradisies, norme, waardes en gesindhede.
- Vervaardigde hulpbronne: Naas infrastruktuur (paaie, waternetwerke, elektrisiteit, winkels, skole en ander geboue) sluit dit ook geld in.
- Natuurlike hulpbronne: Water, grond, minerale en klimaat kan as natuurlike hulpbronne bestempel word.
- Organisasoriese hulpbronne: Hier val die klem op sosiale eenhede soos belange groepe en leierskapstrukture, asook eksterne hulpbronne soos owerheidsliggame en borge (Wasserman & Kriel, 1997:36).

Hulpbron ontleding is 'n belangrike riglyn wat in ag geneem moet word alvorens die program finaal beplan en geïmplementeer word.

2.2.3 Probleem identifisering en doelstellingformulering

Opvoedkundiges soos Murphy (1989:458; 460) en Groenewald (1984:131) asook Tapson (1995:262) beklemtoon die identifisering van die probleem en duidelike formulering van die programdoelstelling.

Vanuit die situasie/konteks- en behoefte-analise volg dit dat daar 'n deeglike insig in die probleme, behoeftes en konteks van die teikengroep verkry is. Dit gee aanleiding tot die identifisering en omskrywing van die probleem wat deur die program aangespreek moet word. McLaughlin & Jordan (1999:67) stel dit soos volg: *“The program should be grounded in an understanding of the problem that drives the need for the program. This understanding includes understanding the problems customers face and what factors ‘cause’ the problems”*. Dit dui dus op die kontekstuele faktore wat 'n rol speel.

'n Probleemstelling sê wat is die probleem en wat behoort gedoen te word. Dit impliseer dat by bepaalde antwoorde uitgekom moet word.

Die literatuur, soos ook Mouton (1999:15-16) verwys hoofsaaklik na 'n navorsingsprobleem terwyl hierdie studie met 'n programprobleem te doen het. Die

probleemidentifisering wat vir 'n program gedoen moet word stem in 'n groot mate ooreen met 'n navorsingsprobleem en dieselfde tipe vereistes sal geld as om 'n navorsingsprobleem te kan identifiseer. Die navorsingsprobleem word gewoonlik in vraagvorm geformuleer en gee sodoende rigting aan die projek. Die navorsingsvraag omvat gewoonlik twee dimensies, naamlik die eenheid van analise (wat ondersoek word byvoorbeeld individue, organisasies, sosiale aksies, intervensies ensovoorts) en 'n duidelike identifikasie van die navorsingsdoelstelling van die studie (beskryf, toets, evalueer, ondersoek ensovoorts).

Volgens Mouton (1999:11) moet daar gepoog word om programdoelstellings op die mees konkrete en waarneembare manier te formuleer. Doelstellings moet ook geoperasionaliseer kan word in meetbare uitkomst. Duidelike en ondubbelsinnige doelstellings is essensieel, nie net vir programevaluering nie, maar ook vir die programbestuurders om presies te weet wat hulle wil bereik en die program daarvolgens te rig (Mouton, 1999:11). Baie programme bevat algemene “slogan-like” doelstellings, byvoorbeeld om inkomste generering te verhoog. Hierdie stellings is te algemeen, wyd en dubbelsinnig gestel. Dit moet afgebreek en herskryf word in meetbare uitkomst, byvoorbeeld 'n verhoging in produksie van x na y, deurgaans dieselfde kwaliteit te handhaaf (kwaliteitskontrole) ensovoorts.

Die programprobleem rig dus die doelstelling van die projek. 'n Doelstelling word gestel as iets algemeens wat bereik moet word, byvoorbeeld om inkomste te genereer. Die bereiking van dië doel sal die realisering van bepaalde **uitkomste** impliseer, byvoorbeeld 'n verkoopbare produk, verkooppunte, kennis en vaardighede oor produksie, bestuur, bemarking ensovoorts. Bepaalde **aktiwiteite** moet plaasvind om die uitkomste te realiseer, byvoorbeeld opleiding, produkontwikkeling en marknavorsing. Elke aktiwiteit word gerig of gedryf na aanleiding van gestelde **doelwitte**. Om 'n doelwit te bereik kan meer as een **subdoelwit** gestel word wat ook uitkomste en aktiwiteite sal hê. Dit is duidelik dat daar 'n bepaalde hiërargie of patroon ter sprake is wat ooreenstem met Tapson (1995:262) se doelwitmodel of “objective tree”. Volgens Tapson (1995:262) is daar drie vlakke in strategiese beplanning wat hiërargies aan mekaar gekoppel word. Die eerste vlak behels die stel van strategiese doelstellings. Dit lei tot die definiëring van programuitkomste wat

aanleiding gee tot die ontwerp van aktiwiteite wat uitgevoer moet word om die uitkomst te bereik.

Volgens Groenewald (1984:131) is dit gebruikelik om doelstellings van verskeie soorte, wat materiële en nie-materiële doelstellings insluit te onderskei. Lategan (in Groenewald, 1984:131) verwys hierna as “taakdoelstellings” en “prosesdoelstellings”. Taakdoelstellings het betrekking op die daarstelling van afgeronde en finale resultate, byvoorbeeld om ‘n vaardigheid aan te leer. Prosesdoelstellings slaan op die ontwikkeling van probleemoplossende vermoëns, die opleiding van leiers ensovoorts. Die insette vir die bereiking van taakdoelstellings is tegelyk makliker meetbaar en naspeurbaar as die insette vir prosesdoelstellings.

Die “beste” programdoelstellings voldoen gewoonlik aan twee vereistes naamlik: dit word gekoppel aan ‘n sterk teoretiese paradigma of raamwerk en dit is empiries meetbaar. Die feit dat dit aan ‘n teoretiese raamwerk verbind word beteken dat die programdoelstellings aanneemlik is. Die operasionalisering van die programuitkomst in konkrete en meetbare uitkomst is net so belangrik anders bly die gestelde doelstellings leeg en retories (Mouton, 1999:103).

2.2.3.1.1 Uitkomst

Aangesien uitkomst deur doelstellings bepaal word en doelwitte met gepaardgaande aktiwiteite impliseer word uitkomst vervolgens kortliks toegelig.

Die programuitkomst word geformuleer in terme van die programdoelstellings. Tapson (1995:262) definieer programuitkomst as “...*lower-order objectives which will contribute materially to the strategic objectives within two to five years*”. Bereiking van die programuitkomst lei dus tot die bereiking van die programdoelstellings. Volgens Posavac & Carey (in Mouton, 1999:6-7) moet die verwagte uitkomst tydens programformulering gelys word en meetbaar gemaak word. Om evaluering te vergemaklik is dit belangrik dat dit vooraf gelys word en meetbaar is. Die Aktiwiteitsmodel van Trollip (2001:48) handel juis hieroor. Die model spreek die aspekte aan wat opleidingsprogramme vir inkomste-

genererende groepe, behoort in te sluit. Dit sal later in die studie meer volledig bespreek word.

Tydens die bepaling van die programuitkomste moet al die lede of partye deelnemend betrokke wees. Verskeie skrywers staan deelnemende ontwikkeling voor, soos Burkley in Wetmore en Theron (1998:38) dit stel: *“Self-reliant participatory development is an educational empowering process in which people, in partnership with each other and those able to assist them, identify problems and needs, mobilize resources, and assume responsibility themselves to plan, manage, control and assess the individual and collective actions that they themselves decide upon”*. Die gemeenskap is dus vennote wat medebetrokke moet wees by die ontleding van die situasie, die identifisering van behoeftes, die bepaling van prioriteitsvolgorde en die ontwerp van planne om hul behoeftes te bevredig. Hulle moet self aksie daaromtrent neem, en self besluit of sodanige aksies die verlangde resultaat teweegbring het (Wasserman & Kriel, 1997:48). Die gemeenskapsontwikkelaar moet nie as die enigste kundige optree nie, maar die vaardighede, eienskappe, vermoëns, verwagtings en betekenisgewende wêreldsiening en leefstyl van die gemeenskapslede moet in ag geneem en ontwikkel word.

Verantwoordelikheid vir besluitneming en optrede berus dus by die gemeenskap sodat die gemeenskap in staat gestel kan word om self te kan voortbou op die ingeslane weg van ontwikkeling wanneer die deskundige hulp onttrek word (Wasserman & Kriel, 1997:48).

Die projektelede of gemeenskapslede behoort dus die leidende rol in ontwikkelingsprojekte te speel, terwyl die gemeenskapsontwikkelaar of program implementeerders slegs ‘n fasiliterende rol behoort te vervul. Projektelede, fasiliteerders en befondsers is dus almal rolspelers wat ‘n bepaalde rol moet vervul; elkeen se rol moet ook gemeet of geëvalueer kan word. Dit is belangrik om dit tydens die bepaling van die programuitkomste in ag te neem.

Dit is dus duidelik dat programuitkomste deelnemend bepaal moet word en moet lei tot die bereiking van die programdoelstellings.

Nadat die uitkomstegelys is kan die aktiwiteite beplan word om die gestelde uitkomst te bereik wat lei tot die bereiking van die programdoelstellings (Tapson, 1995:262). Daar moet 'n studie gemaak word van verskillende aksieplanne waar die koste van elke plan geskat word. Die gemeenskap kan dan sodoende die alternatiewe kies wat die mees effektiewe toewysing van beskikbare hulpbronne bied. Daar behoort ook voorsiening gemaak te word vir die ontwikkeling van projekte se verantwoordelike sin, inisiatiefnemingsvermoë en selfvertroue. Koste moet ook deurgaans so laag as moontlik gehou word (Wasserman en Kriel, 1997:36-37). Tydens implementering word hierdie projekplanne omskep in aksiestappe. Implementering moet so spoedig moontlik na afloop van die beplanning plaasvind aangesien veranderende omstandighede die beplanning verander en toepaslik maak.

2.2.3.2 Doelwitte

'n Doelstelling word gestel as iets algemeen wat bereik wil word terwyl doelwitte meer spesifiek is en in meetbare terme geskryf moet word. Doelwitte hou verband met uitkomst en die stel van duidelike geformuleerde doelwitte is 'n belangrike hulpmiddel om uitkomst te realiseer. Omdat dit ook dui op die aksies wat uitgevoer moet word om die doelstellings van die program te realiseer, maak dit ook evaluering moontlik.

Volgens antropoloë, Wasserman en Kriel (1997:35) word dit deur skrywers oor gemeenskapontwikkeling beklemtoon dat doelwitte realisties, uitvoerbaar, verstaanbaar, meetbaar en kontroleerbaar moet wees.

Doelwitte moet ook aan die hand van realistiese tydskale gestel word. Doelwitte kan derhalwe kort- of langtermyn van aard wees (Wessels, 1990:54). Dit word beklemtoon dat beplanning wel korttermyn doelwitte insluit al word daar vir die langtermyn beplan. Sodoende word die entoesiasme en ywer van die projekte behou. Doelwitte behoort nie verder as een jaar in die toekoms te lê nie anders moet sogenaamde "interimdoelwitte" gestel word. Die voordele hiervan is dat sukses selfvertroue verhoog en dat persone wat sinies is oor die haalbaarheid van 'n projek gekonfronteer kan word met die bewyse van sukses (Swanepoel, 1989:60-61). McLaughlin & Jordan (1999:66) onderskei ook tussen

kort-, medium- en langtermyn doelwitte wat lei tot kort-, medium- en langtermyn uitkomst. Die realisering van korttermyn doelwitte lei dus tot die realisering van medium- en langtermyn doelwitte.

‘n Belangrike voordeel van doelwitte is dat dit die aksies aandui wat gerealiseer moet word om die doelstelling te realiseer. Dit breek as’t ware die veld wat ontwikkel moet word in dele op. Dit dui vir die deelhebbers (programbestuurders, befonders, projektele ensovoorts) watter aksies elkeen van hulle moet uitvoer om die program suksesvol te laat verloop. Omdat dit die aksies aandui beteken dit dat bepaal kan word of die aksies gerealiseer het en hoe dit gerealiseer het. Dit is juis hier waar die program evalueerbaar raak. Om te sê die algemene doelstelling is bereik is moeilik maar sodra doelwit vir doelwit met die gepaardgaande uitkomst bekyk word, kan daar gemeet word of dit gerealiseer het, byvoorbeeld wat moet hulle leer en tot watter mate het hulle dit geleer.

Om doelwitte te skryf is nie ‘n eenvoudige proses van sit, dink en skryf nie. Die programliteratuur sê egter nie duidelik hoe ‘n doelwit behoort te lyk nie. Om dit te oorkom is literatuur uit die opvoedkundige veld geraadpleeg om insig in die skryf van doelwitte te verbreed.

Vanuit die opvoedkundige invalshoek moet ‘n wye reeks bronne in ag geneem word wanneer doelwitte geskryf word. Daar moet byvoorbeeld gekyk word na die uitkomst wat geïmpliseer word deur die algemene doelstellings van die program. Daar moet ‘n analise gedoen word van die menslike hulpbronne wat beskikbaar is, met ander woorde oor watter kennis en vaardighede beskik die projektele, die fasiliteerders en ander betrokkenes. Is dit nodig om ‘n dienslewering organisasie van buite af te betrek om die projek te realiseer? Die leerstof in handboeke en die beskikbaarheid daarvan is nog ‘n hulpbron wat in ag geneem moet word. Doelwitte hang ook nou saam met die behoeftes van die gemeenskap. Hul belangstellings, spesifieke eienskappe en vaardighede moet dus in ag geneem word. Laastens word vanuit ‘n opvoedkundige raamwerk gestel dat die vereistes wat deur die werkgewers gestel word ook ‘n rol speel sodat die arbeidsmark suksesvol betree kan word na afloop van die program (Briers, 1989:69). Vanuit ‘n inkomstegenererings-invalshoek

kan dit impliseer dat die bedryf wat beplan word, met ander soortgelyke bedrywe sal moet kompeteer en aan die eise sal moet kan voldoen om 'n markaandeel te bekom en te behou.

'n Doelwit is dus 'n stelling wat beskryf wat die deelnemer moet kan doen na suksesvolle voltooiing van die opleiding . Hierdie stelling moet egter aan die volgende riglyne vir die skryf van doelwitte voldoen, naamlik:

- Dit moet duidelik, saaklik en kernagtig gestel word.
 - Dit moet meetbaar wees.
 - Dit moet gestel word as uitkomst.
 - Dit moet relevant en betekenisvol wees.
 - Dit moet verteenwoordigend wees van die uitkomst wat deur die algemene doelstelling gerealiseer word.
 - Dit moet so bewoord word dat beide die konteks area en die vlak van kundigheid wat verwag word, identifiseerbaar is.
 - Dit moet realities en toepaslik op die vlak van die program deelnemers wees.
- (Briers, 1989:71)

Doelwitte kan geklassifiseer word volgens die drie domeine van leer, naamlik die kognitiewe -, affektiewe - en psigo-motoriese domein.

Kognitiewe doelwitte beklemtoon die bereiking, behoud en ontwikkeling van kennis, verstaan en intellektuele vermoëns. Dit is dus gerig op direkte kennisontwikkeling.

Affektiewe doelwitte omvat leeruitkomst wat gemoeid is met gevoelens, emosies, waardes en belangstellings. Die implikasie hiervan vir ontwikkelingsprogramme is dat hierdie mense nie iets geleer kan word as dit nie in hul kultureke konteks aanvaarbaar is nie. Dit moet met hul waardes en houdings verband hou. Vanweë hul kulturele oriëntasie kan 'n bepaalde aspek nie vir hulle aanvaarbaar wees nie al word dit deur die fasiliteerder as aanvaarbaar beskou.

Psigo-motoriese doelwitte is gemoeid met manipulerende vaardighede, motoriese ontwikkeling en koördinasie (Briers, 1989:74). Die implikasie hiervan vir programformulering is dat dit binne die vermoëns van die bepaalde projeklede moet wees. Daar moet bepaal word waar lê hul intellektuele vaardighede, hul handvaardighede en byvoorbeeld hoe fyn hul oog-hand koördinasie ontwikkel is. Is dit byvoorbeeld moontlik om mynwerkers as goudsmede op te lei?

Volgens Mouton (1999:102) is die basiese voorwaarde vir die sukses van enige intervensie duidelike formulering van die programdoelstelling en doelwitte. Vaag en dubbelsinnige doelwitte word te algemeen aanvaar.

Die duidelike formulering van doelwitte vergemaklik die evalueringsproses omdat die kriteria vir evaluering reeds hierin gespesifiseer word. Doelwitte behoort dus in ag geneem te word tydens evaluering en dit vergemaklik ook terugvoering tydens die evalueringssessies.

2.2.4 Implementering

‘n Behoeftebepaling en konteksbeskrywing lei tot duidelike programformulering. Volgens Mouton (1999:16-17) sluit die programprobleem ‘n duidelike aanduiding van die uiteindelijke doel van die program in. Hieruit volg die uitkomst wat gevolg word deur die doelstelling en doelwitte wat die uitkomst sal realiseer asook die take en aksies wat moet plaasvind. Volgens Groenewald (1984:131) is dit die teorie van die program. Teorie is die suksesvolle konseptualisering van die program. Uit hierdie beplanning volg die implementering. Die sterk teoretiese raamwerk sal die implementeringsproses dryf net soos dit evaluering dryf (Mouton, 1999:30). Sonder ‘n raamwerk sal implementering en evaluering doelloos en sonder rigting plaasvind (Mouton, 1999:104).

In hierdie fase word die hele program geïmplementeer en bestuur. Volgens Ferrinho (in Wasserman & Kriel, 1997:37) behels die implementering van projekplanne die omskepping daarvan in aksiestappe. Implementering kan nie sonder beplanning geskied nie want soos Swanepoel (in Wasserman & Kriel, 1997:37) tereg opmerk: *“If it is not done according to*

115942284

115362486

a plan it cannot be called implementation, but rather ad hoc actions that are little better than a shot in the dark". Tydens die implementeringsfase moet daar finaal besluit word of die projekplanne uitvoerbaar en wenslik is, en of die doelwitte en aksieplanne herdefinieer of totaal gewysig moet word. Die belangrikste vereistes vir aksie gedurende die implementeringsfase word volgens Kotze & Swanepoel (1983:91) soos volg saamgevat:

- Dit moet ooreenkomstig die projekplanne geskied.
- Dit moet doelgeoriënteerd wees.
- Dit moet grondvlakdeelname insluit.
- Dit moet gekoördineerd geskied.
- Dit moet van tyd tot tyd aangepas word.

Uit nog 'n invalshoek, sien Schreirer (1981:31-62) die implementeringsproses as 'n drievlak proses soos in Figuur 2.1 aangedui word. Schreirer (1981:30) het teen die agtergrond van die benaderings en leemtes van ses teoretiese perspektiewe 'n analitiese raamwerk vir program implementering ontwikkel. Hierdie perspektief is afgelei van die oop-sistemoorganisasoriese model ontwikkel deur Katz & Kahn (in Schreirer, 1981:31) wat die prosesse en interverwantskappe tussen drie vlakke van analise van organisatoriese verskynsels beklemtoon.


Eerstens vind die implementeringsproses as 'n geheel op die makro-vlak plaas. Die organisasie as 'n geheel word beskou as die eenheid van analise soos dit in wisselwerking met die omgewing verkeer. Schreirer (1981:33) noem skole in 'n skooldistrik georganiseer as voorbeeld van 'n formeel georganiseerde organisasie. Op die vlak vind verkryging van hulpbronne, die verhouding met die omgewing, sowel as besluitneming- en kontroleprosesse plaas. Dit word hoofsaaklik deur die bestuur en deelhebbers uitgevoer. Vir die implementering van programme vir inkomstegenerering word die projek as geheel op hierdie vlak beskou.

Die intermediêre-vlak fokus op die subeenhede binne die organisatoriese sisteem, byvoorbeeld skole binne die skooldistrik en die prosesse wat die daaglikse werksaktiwiteite reguleer. In terme van programme vir inkomstegenerering behels dit die subeenhede: bestuur, produseerders en bemarkers. Die daaglikse werksaktiwiteite behels

standaardwerksroetines, die verwagtinge wat gestel word, tegniese vereistes, kommunikasievloei en groepsnorme. Hierdie take word deur verskeie afdelings, komitees of ledegroepe geregleer en bestuur.

Die derde vlak is die mikro-vlak wat op individu vlak plaasvind. Hierdie vlak fokus op verstaan, verbintenis en gedragsveranderinge van die individuele lede betrokke by die implementering. Dit sluit die individuele lede se gedrag, motivering en kognitiewe ondersteuning in. In die geval van die implementering van programme vir inkomstegenerering fokus dit ook op die individuele lede van die groep.

Die proses kan soos volg in Figuur 2.1 opgesom word:




* Konteks waarbinne program funksioneer, byvoorbeeld politieke omgewing

FIGUUR 2.1: ANALITIESE RAAMWERK VIR SOSIALE PROGRAM IMPLEMENTERING (Schreirer, 1981:32)

Dit is belangrik dat daar op al die veranderlikes op elke vlak gefokus word omdat dit die implementeringsproses kan beïnvloed.

Hoewel implementering op verskillende vlakke plaasvind is dit 'n multi-fase proses wat oor tyd plaasvind. Volgens Schreirer (1981:64) word implementering gekonseptualiseer as 'n vyf-fase proses, hoewel daar oorvleueling tussen die fases kan wees. 'n Fase hoef ook nie noodwendig suksesvol afgehandel te wees voor die volgende fase begin nie. Die fases van program implementering word vervolgens in Figuur 2.2 voorgestel. Die pyltjies in die figuur dui die verwantskappe tussen die verskillende komponente aan.



FIGUUR 2.2: FASES VAN PROGRAM IMPLEMENTERING (Schreirer, 1981:65)

Die beginfase van die program behels onder andere die *besluit om te aanvaar*. Die rolspelers neem gesamentlik die besluit om met die program voort te gaan. Hierdie besluit raak hoofsaaklik die makro-vlak komponente, soos omgewingsdruk (byvoorbeeld geldnood van die lede), belangstelling van die deelnemers en die daarstelling van kontrolerende organisatoriese prosesse (byvoorbeeld die formalisering van die organisasie van die program). Besluite oor die vorm van die tipe program word tipies hier geneem. Die besluitnemingsproses behels ook die formulering van die oorkoepelende doel van die program (Schreirer, 1981:64).

Die kern van die implementeringsproses behels drie stappe, naamlik die *versameling en bymekaar bring van hulpbronne, rolverandering en probleemoplossing*. Hoewel hierdie fases opeenvolgend in die diagram voorgestel word sal dit oorvleuel en wedersyds afhanklik van mekaar wees. Die proses kan so verduidelik word: die hulpbronne wat benodig word is afhanklik van die mate van rolverandering; rolveranderingsprosesse is afhanklik van die beskikbare tyd en personeel; hulpbronne en die omvangrykheid van die probleemoplossing is afhanklik van die uitkomste van die eerste drie fases wat weer terugvoering na die eerste fases stimuleer (Schreirer, 1981:64).

Binne 'n formele organisasie behels die *versameling van hulpbronne* die verkryging en versekering van finansiële en fisiese fasiliteite, die aanstelling van nuwe personeel of heraanstelling van huidige personeel en die toelaat van genoegsame tyd om die program in plek te kry (Schreirer, 1981:64). In die geval van 'n program gerig op inkomstegenereringsprojekte, vind die verkiesing van 'n bestuur, die verkryging en versekering van finansiële hulp en fisiese fasiliteite nou plaas.

Rolveranderinge fokus op die gedrag van die implementeringslede, aanpassing by nuwe gedragswyses en die verwagtinge van bestuurders en medelede of deelhebbers. Dit behels ook die mate van rolkonflik wat kan ontstaan (Schreirer, 1981:66). In geval van die tipe projek onder bespreking moet aanpassings na verwagtinge by die lede sowel as die fasiliteerder plaasvind. Die fasiliteerders moet vanuit hul eie kulturele konteks 'n aanpassing maak om aan te pas by die ander kultuur se instelling byvoorbeeld teenoor tyd,

kwaliteit ensovoorts. Aan die ander kant moet dieselfde tipe veranderinge ook by die lede plaasvind omdat hulle produkte moet lewer aan 'n kultuur wat vir hulle vreemd is.

Probleemoplossing as die vierde fase van die implementeringsproses beklemtoon die wedersydse afhanklikheid van die komponente. Terugvoering oor die probleemoplossing na die vorige fases lei tot verdere modifikasies van die hulpbronne en rolle om sodoende die program in plek te kry (Schreirer, 1981:66).

In die diagram word die komponente van die intermediêre vlak saamgegroeper met 'n stippe lyn. Dit dui daarop dat dit alles saam die drie sleutelfases, naamlik versameling van hulpbronne, rolverandering en probleemoplossing beïnvloed. Die tweerigting pyltjies dui op 'n wedersydse beïnvloeding tussen die bepaalde komponente. Die figuur dui nie al die pyltjies aan wat elke intermediêre vlak komponent met elk van die middel drie stadiums verbind nie, omrede dit die diagram omslagtig en lomp laat vertoon (Schreirer, 1981:66).

Die vyfde fase behels *institusionalisering* of die vaslegging van die innoveringsprosesse in die program se normale werksroetines. Indien die voorgaande fases suksesvol was, behoort nuwe rolle en strukture so gevorm te wees dat ekstra hulpbronne en spesiale probleemoplossingsmeganismes verwyder of verminder kan word sonder dat die program ineenstort. Institusionalisering is dus gekonseptualiseer as 'n organisatoriese ewililibrium of ewewigstoestand. Nuwe programme wat aanvanklik goed geïmplementeer is kan jare duur voor dit hierdie toestand bereik (Schreirer, 1981:67).

In die proses van implementering is rolverandering die sleutelverbindingskonsep tussen die vlakke van analise. Die gedrag van individuele projekte word gesien as produkte van beide hul eie agtergrond van vaardighede en kognitiewe roldefinisies en die konteks van die verwagtings wat aan hulle gestel word deur die bestuur. Dit kan lei tot rolkonflik (Schreirer, 1981:67). Die natuurlike reaksie van die fasiliteerder of bestuur van die projek kan wees om die situasie te vermy wat tot rolkonflik kan lei. Hierdie vermyding van rolkonflik situasies kan beperkend inwerk op die vordering na doelwitbereiking. Daar behoort dus 'n eksterne ondersteuningstelsel te wees wat die nodige druk kan uitoefen om

die verandering teweeg te bring. In die geval van 'n ontwikkelingsprojek kan die fasiliteerder die funksie vervul.

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat daar op makro-vlak op die totale organiseringsstelsel van die tipe projek gefokus word. Die intermediêre vlak fokus op die bestuur en funksioneringsaksies van die subeenhede van die projek terwyl die individu vlak veranderlikes die individuele lede raak.

Vervolgens kan evaluering op grond van die teorie of konseptualisering van die program beplan word. Op hierdie manier kan evaluering nie van programformulering geskei word nie. Goeie konseptualisering maak die program evalueerbaar. Dit stel die maatstawwe van waarna gekyk moet word – beide tydens implementering van die program met ander woorde die formatiewe evaluering (waar regstellings kan plaasvind of foute uitgeskakel word) sowel as die summatiewe evaluering op die ou end (waar die impak van die studie bepaal word). Dit bied 'n raamwerk waarvolgens programme of modelle geëvalueer kan word. 'n Studie is evalueerbaar as dit goed of doeltreffend gekonseptualiseer is.

2.2.5 Evaluering

2.2.5.1 Omskrywing van evaluering

Om die konsep evaluering of **programevaluering** toe te lig, word dit vervolgens gedefinieer en bespreek.

Rossi *et al* (1999:20) definieer programevaluering as volg: *“Program evaluation is the use of social research procedures to systematically investigate the effectiveness of social intervention programmes that is adapted to their political and organizational environments and designed to inform social action in ways that improve social conditions”*.

Programevaluering kan dus beskou word as aktiwiteite wat daarop gerig is om data in te samel, te analiseer, te interpreteer en inligting weer te gee oor die effektiwiteit van sosiale

programme wat onderneem is met die doel om sosiale omstandighede te verbeter (Rossi *et al*, 1999:3).

Murphy (1989:455) toon aan dat watter definisie van evaluering ook al aanvaar word, bly evaluering 'n noodsaaklike komponent vir die verfyning van beplanning en uitvoering van programme en vir die versekering dat dit in die regte rigting beweeg om die gestelde doelwitte te bereik.

Talle skrywers, soos Murphy (1989:456) en Groenewald (1984:130) beweer dat die evalueringsfase nie net aan die einde van 'n projek nie, maar wel deurlopend moet plaasvind. Volgens Murphy (1989:456) is evaluering 'n integrale deel van die besluitnemingsproses, dit vorm dus deel van programformulering. Die skrywer stel dit soos volg: *“If educational programmes are to be appropriate and effective and are to become a vital and dynamic part of the educational effort in this country as well as in other countries, they must have inherent systems of evaluation as an essential and intrinsic feature of the programme planning and execution”*. Dit geld ook vir ontwikkelingsprogramme. Nog 'n rede waarom die besluite oor die finale evaluering in die begin van die projek gemaak moet word is omdat die oorspronklike situasie slegs dan vergelyk kan word met die situasie aan die einde van die program, wanneer die evaluering uitgevoer word. As dit nie gedoen word nie is dit moeilik om dit teen iets te vergelyk (Murphy, 1989:463).

2.2.5.2 Rasionaal vir progamevaluering

Vervolgens word aandag geskenk aan die belangrikheid van progamevaluering en die rasionaal daaragter.

Evaluering is 'n noodsaaklike komponent vir die verfyning van beplanning en uitvoering van programme en vir die versekering dat dit in die regte rigting beweeg om die gestelde doelwitte te bereik. Slegs as programme voortdurend beoordeel, gestroomlyn en verfyn word, op grond van die data verkry deur sistematiese evaluering, bly dit dinamies en behou dit die funksie waarvoor dit ontwerp is (Murphy, 1989:455-456).

Volgens Rossi *et al* (1999:3) word evaluerings gelei deur 'n verskeidenheid van praktiese redes, naamlik:

- Om te help in besluitneming of programme moet voortgaan, verbeter, uitgebrei of besnoei moet word;
- Om die bruikbaarheid en inisiatief van nuwe programme vas te stel;
- Om die effektiwiteit van programbestuur en administrasie te verbeter;
- Om die vereistes van die borge vir die program te bevredig.
- Evaluerings kan ook bydra tot onafhanklike en metodologiese sosiaal-wetenskaplike kennis.

Prosavac en Carey (1992:6) het ses tipiese redes vir progamevaluering geïdentifiseer:

- Die bereiking van akkreditasie vereistes
- Verantwoording aan fondse
- Verskaffing van antwoorde op 'n vraag na inligting
- Fasilitering van die keuse tussen moontlike programme
- Ondersteuning van deelhebbers in programontwikkeling en verbetering
- Vergewissing van nie-bedoelde gevolge van die program

Dit is dus duidelik dat hierdie redes in 'n groot mate ooreenstem met die redes van Rossi *et al* (1999:3).

Die hoofdoel van progamevaluering is om geldige bevindinge te verskaf aan die belanghebbendes oor die effektiwiteit van sosiale programme om te bepaal of dit moet voortgaan, verbeter of nuwe programme ontwerp moet word. Sterk- en swak punte word uitgelig wat in die proses van verfyning gebruik kan word (Rossi *et al*, 1999:3; Murphy, 1989:456).

2.2.5.3 Tipes evaluering

Rossi *et al* (1999:22) identifiseer verskeie aspekte van programme wat geëvalueer kan word, naamlik 'n analise verwant aan die konseptualisering en ontwerp van intervensies, monitering van program implementering en die bepaling van program effektiwiteit en

doeltreffendheid. Uit 'n opvoedkundige standpunt identifiseer Groenewald (1984:130) ook drie tipes evaluering studies wat ooreenstemming met die voorgaande toon. Die eerste tipe vel 'n oordeel oor 'n voorgestelde program, of dit wel die gestelde doelwitte sal bereik wanneer dit geïmplementeer word. Die tweede tipe wat ook monitering genoem word, bepaal in hoeverre die implementering van programplanne wel besig is om te geskied. Die derde tipe beoordeel die resultate van die program. Prosavac & Carey (1992) se klassifikasie is soortgelyk aan die van Rossi *et al* (1999:22) en Groenewald (1984:130). Hulle onderskei tussen die evaluering van behoefte, die evaluering van proses, die evaluering van uitkomste en die evaluering van doeltreffendheid.

Studies van die eerste tipe fokus op die behoeftes en probleme van die teikenpopulasie. Is die program en spesifiek die programdoelwitte ontwerp om die geïdentifiseerde sosiale behoeftes van die teikengroep doeltreffend aan te spreek? 'n Behoeftebepaling word beklemtoon as 'n belangrike voorvereiste vir effektiewe programbeplanning en uiteindelik ook vir programevaluering (Mouton, 1999:6). Dit is dus 'n evaluering van die ontwerp van die program. Sodra die program klaar ontwerp is moet dit geïmplementeer word binne 'n bepaalde konteks.

Die tweede klas studies, naamlik program moniteringstudies, bepaal in hoeverre 'n program wat aangekondig is inderdaad tot uitvoering op enige gegewe tydstep gebring is. Die program word dus oor 'n bepaalde tyd gemonitor. Verskeie redes word aangevoer waarom programme gemonitor moet word: eerstens vir behoorlike bestuur en administrasie van programme, programbestuurders moet hul dag-tot-dag aktiwiteite so effektief as moontlik uitvoer. Tweedens vereis die borge van programme en ander deelhebbers bewyse waarvoor die geld gebruik is. Derdens is dit belangrik om te bepaal of die program wel plaasgevind het en behoorlik geïmplementeer is voordat die uitkomste van die program bepaal kan word (Rossi *et al*, 1999:35-36). Verskeie tipes vrae word tydens hierdie tipe evaluering gevra, byvoorbeeld is die program geïmplementeer soos dit ontwerp is? Spreek die program die teikengroep aan? Is die program administrasie en infrastruktuur in plek om die program implementering te ondersteun? Dit beoordeel dus nie die wenslikheid, sukses en doeltreffendheid van die program nie.

Die derde kategorie van evalueringsprogramme handel oor die doeltreffendheid van die program. Dit het twee fokusse, naamlik die mate waartoe die programme die verwagte uitkomst voortbring (“impact assessment studies”) en die mate waartoe die program sy voordele in verhouding tot koste produseer (“efficiency assessments”). ’n Impakbeoordeling bepaal die mate waartoe ’n program verandering in die verlangde rigting veroorsaak. Hier word bepaal of die gestelde doelwitte van die program inderdaad bereik is. Impak of uitkomsevaluering is essensieel wanneer die doel is om verskillende intervensies te vergelyk. Die evalueerder moet bepaal wat die presiese (verwagte) uitkomst van die program is en dit ook op ’n geldige en betroubare manier meet. Programuitkoms studies (impakbeoordeling, produkevaluering) bepaal die relatiewe sukses of onsuksesvolheid van die intervensie. Die uitkomst moet ook teen die laagste moontlike koste bereik word, hier kom die aspek van **effektiwiteit** in. Soos Rossi *et al* (1999:37) dit stel “...choices continually must be made between funding or not funding, continuing or discontinuing, and expanding or contracting one program as opposed to another”. Die bereiking van uitkomst “ten alle koste” is onvoldoende. Dit is reeds gestel dat rolspelers en borge toenemend vereis dat die koste van ’n intervensie teen die voordele wat dit voortbring gemeet moet word. Dit is belangrik dat fondse effektief aangewend moet word (Mouton, 1999:7). Dit moet dus nie net verandering in die verlangde rigting teweeg bring nie maar die koste om die program aan te bied moet ook in gedagte gehou word. Die verwantskap tussen koste en die voordele van die program moet in verhouding wees. Vrae soos die volgende word algemeen gevra: Is die fondse gespandeer vir die doel waarvoor dit beplan is? Bereik die program sukses teen ’n redelike koste? Bereik die program ’n hoër vlak van sukses as ander programme wat dieselfde kos? (Mouton, 1999:7)

As samevatting van die verskillende skrywers se klassifikasies onderskei Mouton (1999:7) tussen vier tipes evaluerings, naamlik:

- “Evaluability assessment”: Is die program so gekonseptualiseer en ontwerp dat dit die werklike behoeftes van die teikengroep aanspreek?
- Implementeringsevaluering: Is die program goed geïmplementeer en bestuur?
- Uitkomsevaluering: Is die verwagte program uitkomst van die program gematerialiseer?

- Effektiwiteitsevaluering: Is die program uitkomst op die mees koste-effektiewe manier bereik?

Omvattende evaluering sluit al vier tipes in (Mouton, 1999:8).

2.2.5.4 Formatiwe en summatiwe evaluering

Dit is duidelik dat evaluering data genereer om die effektiwiteit van 'n opleidingsaktiwiteit te bepaal en om die proses van ontwikkeling te stroomlyn. Evaluering kan formatief, summatief of beide wees (Mouton, 1999:13).

Scriven (in Mouton, 1999:13) onderskei tussen formatiewe en summatiwe evaluering as volg: *“Evaluation may be done to provide feedback to people who are trying to improve something (formative evaluation); or to provide information for decision-makers who are wondering whether to fund, terminate or purchase something (summative evaluation).* Formatiwe evaluering word dus gekoppel aan moniteringstudies en summatiwe evaluering met impakstudies.

Formatiwe evaluering sluit 'n waardebepaling van die funksionering van die verskillende komponente van die program in, soos die ontwerp, voorbereiding, implementering en die uitkomst tydens die verskillende stadiums van die program. Dit behels kontinue evaluering wat gebruik word om die program te verbeter om die gestelde doelwitte te bereik. Hierdie tipe evaluering evalueer nie net die finale uitkomst van die program nie, maar lig probleme uit en verbeter die proses soos die program verloop (Murphy, 1989:457).

Summatiwe evaluering word aan die einde van die periode van eksperimentering of uittoets van die program gedoen. Dit dui aan of die teikengroep die doelwitte van die program bereik het tydens die periode van implementering. Dit dui ook die effektiwiteit of oneffektiwiteit van die program aan. Na afloop van summatiwe evaluering besluit die belanghebbendes of die program uitgebrei moet word of nie (Murphy, 1989:457).

Murphy (1989:457) som die eienskappe van formatiewe en summatiewe evaluering soos volg op:

Eienskappe van formatiewe evaluering:

- ondersoekend
- buigbaar
- gefokus op individuele programkomponente
- indentifiseer invloedryke veranderlikes
- gebruik 'n groot verskeidenheid plaaslike ontwikkelde instrumente
- maak staat op observasie en informele data-insamelingstegnieke.

Eienskappe van summatiewe evaluering:

- goed gedefinieerde evalueringontwerpe
- blokkeer of meng nie in met die verloop van die projek nie
- vergelykend
- betrokke by 'n wye reeks kern aspekte soos politiek, fondse ensovoorts
- algemeen aanvaarbaar
- reflekteer belange van befonders en besluitnemers.

Mouton (1999:14) is van mening dat die konteks van elke evaluering studie sal bepaal of formatiewe of summatiewe evaluering meer geskik is. Die tydstip van evaluering en die evalueringsdoelwitte is van die belangrikste faktore wat sal bepaal watter tipe evaluering die mees geskikste vir die bepaalde program is. Beide formatiewe en summatiewe evaluering word dikwels gebruik in evalueringstudies.

2.2.5.5 Kriteria of dimensies vir evaluering

Die ideaal vir progamevaluering is dat evaluering dieselfde tyd beplan moet word as wanneer die program ontwerp en ontwikkel word. Dit is 'n algemene reël dat hoe later die evalueringspan betrokke raak by die implementeringsproses, hoe swakker die evalueringontwerp is en hoe minder geldig en bruikbaar die resultate. Dit is as gevolg van die feit dat die evalueringspan gedwing word om op retrospektiewe bewyse van

implementering en uitkomste te vertrou. Evaluering moet dus begin voor implementering en tot 'n einde kom na die voltooiing van die program. Dit laat goeie beplanning en meetinstrument-ontwikkeling toe. Dit is die evalueerder se verantwoordelikheid om duidelikheid te kry oor wat presies geëvalueer gaan word en wat die omvang en vlak daarvan is (Mouton, 1999:100-102). Die verskillende vlakke van evaluering maak kruisvalidering moontlik wat die geldigheid van die resultate verhoog.

Uit 'n antropologiese standpunt lys Wasserman & Kriel (1997:41) verskillende kriteria wat verdere dimensies van evaluering van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek uitlig:

- **Toepaslikheid:** Daar behoort bepaal te word of die behoeftes, doelwitte, hulpbronne, aksieplanne en die implementering daarvan by mekaar aansluiting gevind het.
- **Haalbaarheid:** Die vraag behoort gevra te word of die doelwitte binne bereik van die projekte, die gemeenskapsontwikkelaar en die hulpbronne was.
- **Doeltreffendheid:** Daar behoort bepaal te word of die doelwitte bereik is.
- **Koste-effektiwiteit:** Die waarde van die resultate in terme van die gespandeerde fondse behoort vasgestel te word.
- **Gevolge:** Die langtermyn- en korttermyn gevolge wat die projek vir gemeenskapslede inhou, behoort vasgestel te word.
- **Aanvaarding:** Die mate waartoe die resultaat van die projek deur gemeenskapslede aanvaar word, behoort bepaal te word.
- **Struikelblokke en hoogtepunte:** Alle struikelblokke en hoogtepunte wat ervaar is, behoort in ag geneem te word.

2.2.5.6 Evalueringsprobleme

Wasserman & Kriel (1997:39-40) dui ook verskillende probleme wat tydens evaluering ervaar word aan:

- Abstrakte resultate van 'n projek is dikwels nie meetbaar nie. Veranderinge in die waardes, houdings en gedrag van die individue is moeilik om te bepaal.

- Doelwitte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte is dikwels te wyd, ambisieus en algemeen geformuleer. Dit is belangrik dat die doelwit van die aktiwiteit wat geëvalueer moet word, in duidelik-omskrewe operasionele terme gestel moet word voordat dit geëvalueer kan word.
- Volgens Voth (in Wasserman & Kriel, 1997:40) is een van die grootste probleme by die evaluering van gemeenskapsontwikkelingsprojekte die gebrek aan 'n model van die gemeenskapsontwikkelingsproses waarin die teiken van die projek (byvoorbeeld 'n arm gemeenskap), die uiteindelijke doel daarvan (armoede uitkakeling) asook die intermediêre doelwitte (werkskepping) in kousale verband aangetoon word.

Wanneer evaluering uitgevoer word en daar van 'n eksperimentele en kontrole groep gebruik gemaak word is daar steuringsveranderlikes wat 'n oënskynlike verskil op die resultate kan maak. Dit is belangrik om daarna op te let sodat die resultate op 'n geldige wyse geïnterpreteer kan word.

Daar is verskeie faktore wat die interne en eksterne geldigheid van eksperimentele ontwerpe kan beïnvloed. Interne geldigheid beteken dat die resultate van die bepaalde studie geldig is terwyl eksterne geldigheid fokus op veralgemeenbaarheid. Faktore wat die interne geldigheid beïnvloed het dus implikasies vir die eksterne geldigheid. Hierdie veranderlikes staan bekend as **steuringsveranderlikes** wat vir eksperimentele ontwerpe sal geld. Dit moet tydens die eksperimentele ontwerp gekontroleer word om geldige data weer te gee.

Daar is agt klasse steuringsveranderlikes wat 'n effek kan hê op die **interne geldigheid** van die resultate indien dit nie gekontroleer word nie. Dit word vervolgens kortliks genoem:

- Geskiedenis, dit is die tydsverloop tussen die eerste en tweede meting.
- Ontwikkeling of rypingsprosesse, dit is gebeurtenisse waaraan die individue onderwerp is binne 'n bepaalde tydsverloop, byvoorbeeld die lede word ouer, honger, moeër ensovoorts.

- Toetsing, dit is die effek van die toetsing op grond van die tellings van 'n tweede toetsing.
- Instrumentasie, dit is die veranderinge in die meetinstrumente of waarnemers wat gebruik word tydens meting.
- Statistiese regressie, dit is dat groepe byvoorbeeld geselekteer word op grond van hul ekstreme tellings.
- Vooroordeling in differensiële seleksie van respondente vir die vergelykende groepe.
- Eksperimentele mortaliteit, dit is die verlies aan respondente van die vergelykende groepe.
- Ontwikkeling wat in elk geval in die individu sou plaasvind en as 'n resultaat in die program geïdentifiseer word (Campbell & Stanley, 1966:5).

Die faktore wat **eksterne geldigheid** of veralgemeenbaarheid beïnvloed word vervolgens bespreek:

- Die reaktiewe of interaksie effek van toetsing, dit is wanneer 'n voortoetsing die respondent se sensitiwiteit of reaksie tot die eksperimentele veranderlike laat toeneem of verminder. Dit maak die resultate wat verkry is van 'n voorafgetoetste populasie onveralgemeenbaar.
- Die interaksie effek van seleksievooroordel en die eksperimentele veranderlike.
- Reaktiewe effekte van eksperimentele rangskikkings.
- Veelvoudige toetsing, dit kom voor wanneer dieselfde respondente meer as een keer aan dieselfde toetsing onderwerp word. Die effekte van vorige toetsings kan nooit volledig uitgewis word nie (Campbell & Stanley, 1966:5-6).

Dit is belangrik om te onthou dat die beginsels nie altyd net so toegepas word nie. Al word daar nie van 'n definitiewe eksperimentele ontwerp gebruik gemaak nie, sou dit sekerlik vir enige program se evaluering waardevol wees om die effek van die bogenoemde steuringsveranderlikes in gedagte te hou.

2.2.5.7 Evalueringsmetodes

Verskeie instrumente of evalueringstegnieke kan gebruik word om te bepaal in welke mate die projek doelwitte bereik is. Die meeste instrumente val in een van die volgende drie kategorieë:

- Instrumente wat die ondervraging van mense insluit, byvoorbeeld vraelyste, onderhoudskedules, gestandaardiseerde toetse en skale. Inligting afkomstig van hierdie instrumente kan egter subjektief wees aangesien die bron van inligting, doelbewus of onbewus, die verkeerde inligting kan verskaf.
- Instrumente wat waarneming insluit. Groter objektiwiteit word verkry as die waarnemer opgelei en 'n nie-deelnemer is en as gestruktureerde waarneming 'n voorafbepaalde stel kriteria vir die klassifisering en ontleding van waarnemings insluit.
- Ontleding van bestaande geskrewe dokumente soos verslae en notules van vergaderings.

Inligting oor al die aspekte van die projekresultate, en nie net oor die gestelde doelwitte nie, sal 'n meer getroue beeld van die projek weergee (Wasserman & Kriel, 1997:42-43).

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat evaluering belangrike riglyne stel wat reeds tydens programformulering in ag geneem moet word.

2.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om te voldoen aan die eerste doelwit van die studie, naamlik om riglyne vir programformulering en progamevaluering te identifiseer.

Om intervensies te implementeer en te evalueer vereis 'n vorm van 'n verwysingsraamwerk. Dit is algemeen aanvaarbaar dat analitiese raamwerke, soos teorieë en modelle, verskeie belangrike funksies vervul. Die waarde van so 'n raamwerk is

drievoudig: dit gee definisies van die sleutelkonsepte, dit rig data-insameling en data-analise en dit voorsien 'n raamwerk vir die interpretasie van bevindinge. 'n Analitiese raamwerk rig dus program implementering asook evaluering (Mouton, 1999: 30,103-104).

In die volgende hoofstuk word toepaslike analitiese raamwerke vir die studie onder die loep geneem.

HOOFSTUK 3

MODELLE VIR SOSIALE PROGRAMME

3.1 INLEIDING

Die tweede doelwit vir hierdie studie is om 'n analitiese raamwerk vir program implementering te ontwikkel. Bestaande analitiese raamwerke is aan die hand van die uiteengesitte riglyne ondersoek. Daar is besluit om Mouton se konseptuele raamwerk vir sosiale programme (1999:10) en die Logika model van McLaughlin & Jordan (1999:67) te gebruik om die Aktiwiteitsmodel van Trollip (2001:48) in 'n programraamwerk, gerig op inkomstegenerering, te verwerk. Die modelle van Mouton en McLaughlin & Jordan is nie aangepas vir inkomstegenerering deur middel van handvaardighede nie. Trollip se model (2001:48) is 'n eerste stap om uitkomst in die veld te identifiseer.

Mouton se konseptuele raamwerk (1999:10) is 'n omvattende analitiese raamwerk wat die samehang tussen die verskillende komponente van die aspekte wat in programformulering in ag geneem moet word, gee.

Mouton se model (1999:10) bied dus 'n breë struktuur of raamwerk terwyl die Logika model 'n raamwerk verskaf om die verskillende doelstellings en uitkomste op te breek om die doelwitte en aksies te beskryf om die uitkomste te realiseer en evalueringskriteria soos deur die doelwitte impliseer uiteen te sit.

Die Aktiwiteitsmodel dui alreeds op uitkomste. Die bogenoemde twee modelle het oor die algemeen betrekking op ontwikkelingsmodelle en programformulering terwyl die Aktiwiteitsmodel spesifiek gerig is op inkomstegenerering waar mense met handvaardighede 'n poging aanwend om aan die lewe te bly.

Die drie modelle word vervolgens bespreek alvorens die analitiese raamwerk vir hierdie studie ontwikkel word.

3.2 MOUTON SE KONSEPTUELE RAAMWERK VIR SOSIALE PROGRAMME


3.2.1 Inleiding

Die mens is besig met sosiale bemiddeling of ingryping (sosiale intervensies) van een of ander aard om aspekte wat as probleme ervaar word te verbeter, byvoorbeeld opleidingsprogramme, projekte vir die bekamping van werkloosheid ensovoorts. Volgens Mouton (1999:9) verskil hierdie sosiale ingryping in terme van omvang, kompleksiteit, domein van toepassing en tydraamwerk. Hoewel sosiale ingryping verskil is daar sekere kern dimensies of kenmerke wat tiperend is van alle intervensies, naamlik:

- Duidelik gedefinieerde doelwitte
- Die teikengroep (deelhebbers op wie die program gerig is)
- Eksplisiete maatstawwe om sukses te bepaal (uitkomst)
- Program komponente (aksies om die doelwitte te realiseer)
- Die bestuur en implementeringstelsel (program infrastruktuur)
- Die menslike hulpbron basis (deelhebbers wat die program dryf)
- Die deelhebbers (stakeholders) wat 'n direkte of indirekte belangstelling in die program het
- Die konteks van die program (Mouton, 1999:9).

Hierdie dimensies en hul onderlinge skakeling word in Figuur 3.1 voorgestel en daarna kortliks bespreek.

VIII. KONTEKS



FIGUUR 3.1: MOUTON SE KONSEPTUELE RAAMWERK (Mouton, 1999:10)

3.2.2 Bespreking van die kern dimensies

Daar is 'n spesiale verwantskap tussen die **programdoelwitte** (dimensie 1) en die **teikengroep** (dimensie 2) omrede 'n program gekonseptualiseer en ontwerp word om die behoeftes van 'n bepaalde teikengroep aan te spreek. Die teikengroep kan die hele populasie van 'n land wees of 'n kleiner groep mense byvoorbeeld 'n groepie werklose vroue. Die waarneembare of werklike behoeftes van die teikengroep bepaal die formulering van die programdoelwitte. Soos reeds gestel word programdoelwitte op die mees konkrete en waarneembare manier geformuleer. Doelwitte moet geoperasionaliseer kan word in meetbare **uitkomste** (dimensie 3). Duidelike en ondubbelsinnige programdoelwitte bevoordeel programbestuur en programevaluering juis omdat dit meetbare uitkomste impliseer (Mouton, 1999:11).

Daar bestaan 'n nou verband tussen dimensies 4, 5 en 6. Die **programkomponente** (dimensie 4) verwys na die werklike meganismes en middele wat geïmplementeer word om die gestelde programdoelwitte te bereik. Dit is baie belangrik dat die gestelde programkomponente die verwagte uitkomst oplewer. Dit is nie voldoende om programkomponente te identifiseer wat vaagweg of moontlik in lyn is met die programdoelwitte nie omrede dit dan moeilik is om na afloop van die program te bepaal of die uitkomst werklik deur die program veroorsaak is of nie (Mouton, 1999:12).

Dimensies 5 en 6 verwys na die **programbestuur sisteem** en die **menslike hulpbronbasis** onderskeidelik wat nodig is om 'n program te laat plaasvind. Die programbestuur sisteem (dimensie 5) bevat al die sisteme wat nodig is om 'n program te implementeer en te bestuur, naamlik die administratiewe sisteme (programrekords, liasering, ensovoorts), die monitering sisteme (rekord van program deelnemers) en inligting sisteme (finansiële inligting ensovoorts). Die menslike hulpbron basis (dimensie 6) verwys na die individue wat die program bestuur. Sake wat hier van belang is sluit in die vermoëns en bevoegdhede van die mense om die program effektief te bestuur, organisatoriese strukture in grootskaalse programme, persoonlike style ensovoorts (Mouton, 1999:12).

Daar is ook ander **deelhebbers**, wat nie direk by die bestuur van die program betrokke is nie, wat ook direkte of meer indirekte belangstelling by die sukses of mislukking van die program het. Hierdie deelhebbers of insethouers (dimensie 7) sluit die stigters of borge van die programme, die algemene publiek of spesifieke belange groepe in. Al hierdie groepe het belang by die sukses of mislukking van die program en ook in die resultate van 'n evaluerende studie (Mouton, 1999:12-13).

Die **konteks** waarbinne die program geïmplementeer word (dimensie 8) het dikwels 'n deurslaggewende invloed op die sukses van die program. Die "konteks" sluit die groter sosio-politiese konteks sowel as die spesifieke geografiese ligging en die belangrike aspek van tydraamwerk in. Die tydsberekening van 'n intervensie is dikwels 'n kritieke faktor in die bepaling van die sukses daarvan (Mouton, 1999:13).

Mouton (1999:13) is van mening dat hierdie konseptuele raamwerk vir sosiale programme as 'n omvattende raamwerk om 'n evalueringstudie te rig, kan dien.

Dit is duidelik dat die kern dimensies van Mouton se model ooreenstem met die gestelde riglyne vir programformulering en implementering.

3.3 LOGIKA MODEL PROSES

3.3.1 Inleiding

Volgens Brickman (in McLaughlin & Jordan, 1999:6) word die Logika model proses alreeds vir die afgelope twintig jaar as 'n bruikbare model beskou. Die Logika model stel 'n aanneemlike en sinvolle model voor van hoe 'n program onder sekere omstandighede behoort te funksioneer om die geïdentifiseerde probleme op te los (McLaughlin & Jordan, 1999:66).

Die Logika model proses is 'n instrument wat deur progamevalueerders gebruik kan word om die sukses of prestasie van die program te bepaal. Dit is op dieselfde manier 'n handige instrument om die inkleding te doen van die verskillende uitkomstes soos wat dit geïmpliseer word deur die doelstellings. Die Logika model beskryf die logiese verbande tussen program hulpbronne, aktiwiteite, uitsette, kliënte bereik en die kort-, medium- en langtermyn doelwitte van die program. Die Logika model is dus 'n hipotese van hoe die program behoort te lyk om die aanvanklik gestelde doelwitte te bereik. Sodra hierdie model van verwagte prestasie saamgestel is, kan kritiese metings of evalueringsareas geïdentifiseer word (McLaughlin & Jordan, 1999:65).


Dit is duidelik dat die elemente van die Logika model, **hulpbronne, aktiwiteite, uitsette, kliënte bereik, kort, medium en langtermyn doelwitte en die relevante eksterne invloede** aansluit by die kern dimensies van Mouton se konseptuele raamwerk (McLaughlin & Jordan, 1999:66).

Die elemente van die Logika model vergestalt programteorie. Volgens Chen (in McLaughlin & Jordan, 1999:66) moet programteorie beide voorskrywend en beskrywend wees. Dit maak dit moontlik vir die bestuurder om beide die elemente van die program en die logika van hoe die program gaan werk voor te stel en te verduidelik

McLaughlin & Jordan (1999:66) lig die voordele van die gebruik van die Logika model soos volg uit:

- Dit bou 'n gemeenskaplike begrip van die program.
- Dit stel die verwagtinge oor hulpbronne, kliënte en resultate bereik.
- Dit bevoordeel die identifisering van aannames, spanbou, kommunikasie en die uitruil van idees.
- Dit is nuttig vir programontwerp en –verbetering in terme van identifisering van projekte wat krities is vir doelbereiking, maar ook die wat oortollige en teenstrydige verbande met program komponente het.
- Dit dui die plek van die program in die organisasie of probleem hiërargie aan.
- Dit dui na 'n gebalanseerde stel sleutelprestasie metingspunte en evalueringsprobleme wat data-insameling vergemaklik en die bruikbaarheid daarvan verbeter.

'n Eenvoudige Logika model word in Figuur 3.2 voorgestel en elemente daarvan kortliks bespeek.



FIGUUR 3.2: ELEMENTE VAN DIE LOGIKA MODEL (McLaughlin & Jordan, 1999:67)

3.3.2 Elemente van die Logika model

Hulpbronne (insette) sluit menslike en finansiële hulpbronne in, soos vennootskappe sowel as ander insette wat nodig is om die program te ondersteun. So is inligting oor die kliënte se behoeftes 'n essensiële hulpbron vir die program (McLaughlin & Jordan, 1999:66). Die behoefte-analise gee 'n goeie idee van die hulpbronne wat nodig is. Beskikbare hulpbronne is 'n groot gerief maar sommige hulpbronne moet nog ontgin word. Hulpbronne wat ontgin moet word sal afhang van die doel en uitkomst wat vir 'n bepaalde projek gestel is. Dit stem ooreen met die riglyne wat stel dat behoeftebepaling en konteksbeskrywing tot duidelike probleemformulering lei.

Aktiwiteite sluit in al die noodsaaklike aksies en stappe om die program uitsette voort te bring (McLaughlin & Jordan, 1999:66).

Uitsette is die produkte, goedere en dienste gelewer aan die program se direkte kliënte (McLaughlin & Jordan, 1999:66).

Met die **bereiking van kliënte** verwys Montague (in McLaughlin & Jordan, 1999:66) na die 3R's (*Resources, people Reached and Results*) van prestasie, dit wil sê hulpbronne, mense bereik en resultate. Hulpbronne en resultate moet deur die bemiddeling van mense met mekaar in verband gestel word. Dié mense is die kliënte wat bedien word en die deelnemers wat die program in werking stel sodat aksies kan lei tot resultate. Deur die kliënte of die gebruiker van die produk of diens in die middel van die logiese orde van die ketting te plaas, help dit die programdeelnemers en aandeelhouers of belanghebbendes om te bepaal watter aksies tot watter uitkomst lei en watter populasie groep die program poog om te bedien (McLaughlin & Jordan, 1999:66). Dit is duidelik dat behoeftes (waargenome, ervaarde-, individuele behoeftes) en die kulturele konteks ook hier te sprake is.

Uitkomst is die veranderinge wat plaasvind as gevolg van die aktiwiteite en die uitsette. Programme het tipies veelvoudige en opeenvolgende uitkomst tot gevolg gedurende die verloop daarvan. Daar is **kort-, medium-, en langtermyn** uitkomst (McLaughlin &

Jordan, 1999:66). Die prioriteitsvolgorde ter sprake is in ooreenstemming met die riglyne vir programformulering soos bespreek onder doelwitte.

‘n Kritiese kenmerk in die sukses of prestasie van die program is die identifisering en beskrywing van **sleutel konteks faktore** ekstern tot die program en buite beheer van die deelnemers en wat die sukses van die program positief of negatief kan beïnvloed, byvoorbeeld kulturele aspekte soos waardes, norme, gebruike en taboes. Dit is belangrik om dit te ondersoek en te bepaal hoe dit die uitkomst kan beïnvloed. Sodoende kan programdoelwitte meer realisties gestel word (McLaughlin & Jordan, 1999:66). Die sleutel konteks faktore moet by implikasie ook by die beplanning van evaluering in ag geneem word.

Die Logika model word saamgestel uit vyf verskillende fases of stadiums: Fase 1 is die versameling van relevante inligting (behoeftebepaling en konteksbeskrywing); fase 2 beskryf die probleem wat die program wil oplos en die konteks daarvan (probleemformulering); fase 3 is die definiëring van die elemente van die Logika model in ‘n tabel; fase 4 is die konstruering van die Logika model en fase 5 is die verifiëring van die model (McLaughlin & Jordan, 1999:66). Hierdie fases word vervolgens bespreek.

3.3.3 Fases in die samestelling van die Logika model

3.3.3.1 Fase 1: Versameling van relevante inligting

In ooreenstemming met die geïdentifiseerde riglyne vir programformulering, beklemtoon McLaughlin en Jordan (1999:67) ook die vooraf versameling van inligting om hulpbronne en behoeftes te kan identifiseer en probleme te definieer. Sodoende kan die korrekte benadering tot die programformulering vir ‘n bepaalde sosiale intervensie bepaal word. Relevante inligting word tydens die ontwerp van ‘n nuwe program of tydens die bespreking van ‘n bestaande program uit verskeie bronne ingesamel. Hierdie inligting word verkry in die vorm van program dokumentasie en onderhoude met sleutel belanghebbendes, intern en ekstern tot die program. Die uitvoer van ‘n literatuurstudie om insig te verkry van wat ander gedoen het om soortgelyke probleme op te los en die faktore wat hulle oorweeg het in

die ontwerp en implementering van die program, gee bewyse dat die programbenadering wat gekies is korrek is. Daar word aanbeveel dat die bou van die Logika model 'n groepsproging moet wees eerder as wat dit alleen deur die bestuurder gedoen word. Indien dit alleen deur die bestuurder gedoen word is die risiko groter dat belangrike dele uitgelaat of verkeerd geïnterpreteer word. Deur die ontwikkeling van 'n gedeelde visie van hoe die program veronderstel is om te werk lei tot aanhoudende ontdekking en onderhandelinge tussen die verskillende deelhebbers. Sodoende word belangrike aspekte nie uitgelaat nie en word idees en kennis gedeel (McLaughlin & Jordan, 1999:67).

3.3.3.2 Fase 2: Definiëring van die probleem

Die Logika model sien ook 'n duidelike probleem definiëring as 'n essensiële vertrekpunt. McLaughlin & Jordan (1999:67) stel dit soos volg: *"The program should be grounded in an understanding of the problem that drives the need for the program. This understanding includes understanding the problems customers face and what factors 'cause' the problems"*. Dit is hierdie faktore wat die program sal aanspreek om die langtermyn uitsette te bereik. Die program word gegrond op 'n begrip van 'n probleem wat lei tot die behoefte vir die program. Hierdie begrip sluit in kennis van die probleem en die faktore wat dit veroorsaak. Laasgenoemde dui dit op die kontekstuele faktore wat 'n rol speel (McLaughlin & Jordan, 1999:67).

Een van die grootste probleme of uitdagings wat ervaar word tydens die ontwikkeling van die Logika model is om te beskryf waar die program eindig en ander modelle begin. Die Logika model vir 'n spesifieke program eindig by die oplossing van die veronderstelde probleem, met die hulpbronne wat dit versamel het, insluitende die eksterne invloede wat die sukses tydens probleemoplossing kon beïnvloed.

3.3.3.3 Fase 3: Definiëring van die elemente van die Logika model

Hierdie stap behels die kategorisering van die ingesamelde inligting in kolomme in 'n tabel. Die bogenoemde elemente van die Logika model word gebruik as kategorieë en die inligting word geklassifiseer as hulpbronne, aktiwiteite, uitkomst, kort-, medium- en

langtermyn uitsette of eksterne faktore. Omrede 'n model gebou word van hoe die program werk hoef nie alle program besonderhede gekategoriseer te word nie maar slegs die relevante inligting wat die deelhebber help om te verstaan hoe die program werk (McLaughlin & Jordan, 1999:68). Vervolgens word die elemente van die Logika model, aan die hand van 'n voorbeeld, verduidelik in terme van inkomstegenererende programme. Daar is 'n direkte skakeling in 'n hiërargiese orde tussen hoe hierdie elemente met mekaar skakel.

Hulpbronne behels byvoorbeeld in die geval van produkontwikkeling dat dit die mense sal wees wat betrokke is by die produkontwikkeling, dit wil sê die produkontwikkelingspan. Die **aktiwiteite** wat hulle moet uitvoer sal dan wees om te identifiseer wat hulle behoort te doen om hierdie produk te kan ontwikkel. In die beginfase sal dit byvoorbeeld wees om die mark se behoeftes te bepaal. Later in die proses sal dit byvoorbeeld wees om die produk te verfyn. Die **uitkomst**e is die produk wat gelewer word. In hierdie geval is die **kliënte wat bereik** word in die beginfase die projek self en in die latere fase van produkontwikkeling is die kliënt die persoon wat die produk gaan koop. Die **kort- medium- en langtermyn uitsette** behels die opeenvolging van uitsette om 'n produk tot stand te bring wat met die hoogs moontlike wins verkoop kan word.

Die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat in die tabel vervat is moet voortdurend deur die bestuur of belanghebbendes gekontroleer word. Tydens die kontroleringsproses moet bepaal word of die betrokke verteenwoordigdes die logiese vloei van die program, vanaf hulpbronne tot die oplossing van die langtermyn probleme, verstaan. Daar moet 'n logiese vloei of brug van die een kolom na die volgende wees. Een manier om dit te kontroleer is om in enige kolom van die tabel te begin en die volgende vrae te vra: Hoe het ons daar gekom? Hoekom mik ons vir 'n bepaalde uitkoms? As daar nie antwoorde op die hoe en hoekom vrae is nie moet dit in meer besonderhede verduidelik of elemente bygevoeg word (McLaughlin & Jordan, 1999:68).

3.3.3.4 Fase 4: Konstruering van die Logika model

Die Logika model bevat die logiese vloei en verbande wat deel is van enige uitvoeringsproses. Dit organiseer inligting wat dit moontlik maak om die veronderstelde verbande te verstaan en te evalueer. Die hulpbronne, aktiwiteite en uitsette word in afsonderlike kolomme gelys en verbind sodat dit duidelik is watter aktiwiteite lei tot watter medium termyn uitsette en watter medium termyn uitsette tot watter langtermyn uitsette lei (McLaughlin & Jordan, 1999:68).

Daar is verskeie maniere om die Logika model voor te stel maar dit word gewoonlik voorgestel as 'n diagram met kolomme en rye. Die inligting word in verkorte vorm in blokkies geplaas met een-rigting pyle wat die verbande aandui. Insette of hulpbronne word aan die linkerkant in die eerste kolom van die model geplaas met die langtermyn uitsette of die probleem wat opgelos moet word aan die regterkant. In die tweede kolom word die hoof aktiwiteite gelys. In die kolomme wat volg is die bedoelde uitkomst en uitsette vir elke aktiwiteit asook die bedoelde kliënte vir elke uitkoms gelys. Die rye word gevorm op grond van die aktiwiteite of aktiwiteitsgroeperings. As daar 'n opeenvolging in die aktiwiteite is moet die rye dit reflekteer in die orde van bo na onder. Wanneer die uitkoms van een aktiwiteit 'n hulpbron vir die volgende aktiwiteitsketting word, word dit met 'n pyl aangedui (McLaughlin & Jordan, 1999:69).

Aktiwiteite kan op verskillende vlakke van detail beskryf word. Omrede modelle vereenvoudigings is moet aktiwiteite wat lei tot dieselfde uitkomst saam gegroep word, byvoorbeeld navorsingsaktiwiteite wat literatuuroorsigte, eksperimente, verslae, onderhoude ensovoorts kan insluit kan saam gegroep word as navorsing. 'n Ongeskrewe reël van die Logika model is dat dit nie meer as vyf aktiwiteitsgroeperings het nie. Meeste programme is so kompleks dat Logika modelle op meer as een vlak nuttig is (McLaughlin & Jordan, 1999:69).

Volgens Schreirer (1981:31-62) kan aktiwiteite ook gelyklopend op verskillende vlakke plaasvind. Hierdie aspek is reeds by die gedeelte oor implementering bespreek en is ook van toepassing by die Logika model.

Die finale produk kan gesien word as ‘n netwerk wat onderlinge verbande tussen die elemente van die program se verwagte prestasie toon; van hulpbronne tot die oplossing van die bepaalde probleem. Eksterne faktore word aan die onderkant van die model aangetoon (McLaughlin & Jordan, 1999:69).

3.3.3.5 Fase 5: Verifiëring van die Logika model

Die model moet deurgaans geëvalueer word om te verseker dat dit die doel bereik, naamlik om die program logika voor te stel. Dit moet duidelik wees hoe die program onder bepaalde omstandighede sal funksioneer om die kort-, medium-, en langtermyn doelwitte te bereik (McLaughlin & Jordan, 1999:68-69).

Vier evalueringsvrae word ter aanvulling tot die hoekom-waarom en as-dan vrae in die finale verifiëringsproses aanbeveel:

- Is die vlak van detail voldoende om die elemente en die onderlinge verbande te verstaan?
- Is die programlogika volledig? Dit beteken, is al die sleutel elemente in berekening gebring?
- Is die programlogika teoreties gegrond? Pas al die elemente logies bymekaar? Is daar ander aanneemlike paaie om die program uitkomst te bereik?
- Is al die relevante eksterne kontekstuele faktore geïdentifiseer en hul potensiële invloede beskryf? (McLaughlin & Jordan, 1999:70).

‘n Goeie manier om die Logika model te kontroleer is om die programlogika as hipoteses te skryf: ‘n opeenvolging van as-dan stellings. Die waarneming van sleutel konteks-faktore voorsien die omstandighede waaronder die hipotese suksesvol sal wees. McLaughlin & Jordan (1999:70) stel die hipotese soos volg: *“If assumptions about contextual factors remain correct and the program uses these resources with these activities, then it will produce these short-term outcomes for identified customers who will use them, leading to longer term outcomes”*. Dit is ‘n opeenvolging van as-dan stellings. As hulpbronne, dan aktiwiteite. As program aktiwiteite, dan uitsette vir bepaalde groepe. As uitsette gedrag

verander, eerstens kort en dan medium uitkomst. As medium uitkomst lei tot langtermyn uitkomst, dan sal die probleem opgelos word (McLaughlin & Jordan, 1999:70).

3.3.4 Die meting van prestasie

Die doel om program prestasie te meet is tweeledig, naamlik om die waarde van die program aan ander te kommunikeer en om die kwaliteit van die program te verbeter (McLaughlin & Jordan, 1999:70).

Metingstrategieë behels die aanhoudende monitering van wat tydens die program en evaluering gebeur het om sodoende die oorsaaklike verbande te bepaal. Dit is belangrik dat nie net die programproses vasgelê word nie maar dat inligting ingesamel word oor die veronderstelde verbande. Volgens Wiess (in McLaughlin & Jordan, 1999:70) behoort die meting die stappe van die program na te speur. In die Logika model is die blokkies die stappe wat gemonitor moet word en die lyne tussen die blokkies die hipoteses van die oorsaaklike verbande. Hieroor kan 'n in-diepte studie gedoen word om te bepaal wat gebeur het. Dit is die meting van die verbande wat die bestuurder en deelnemers toelaat om te bepaal of die program werk. Dit is essensieel om die program hipoteses te toets. Die volgende vraag moet altyd gevra word: "Watter kenmerke, indien enige, van die program het bygedra tot die bereiking van die bedoelde en onbedoelde uitkomst?" (McLaughlin & Jordan, 1999:70-71).

Die Logika model voorsien dus 'n hipotese van hoe 'n program behoort te werk om die aanvanklik gestelde doelwitte te bereik. Indien dit nie geïmplementeer word volgens die ontwerp nie kan daar probleme ontstaan om die programdoelwitte te bereik. Die Logika model kan ook gebruik word as 'n metode of gereedskap om program implementering en impak te bepaal (McLaughlin & Jordan, 1999:71).

Die verifiëring en kontrole aktiwiteite wat in stap vier en vyf van die Logika model beskryf word verteenwoordig ast'ware die eerste stadium van prestasie-meting. Die proses verseker dat die programontwerp logies gekonstrueer is, dat dit volledig is, en dat dit 'n akkurate prentjie van die program aan die deelhebbers weergee. Deelhebbers en die lede van die

program behoort ooreen te kom oor die definisie van programsukes en hoe dit gemeet gaan word (McLaughlin & Jordan, 1999:71).

Die metingsplan kan gebaseer word op die vloedigramme van die Logika model wat ontwikkel is vir die program. Die mate van detail kan egter aangepas word. Die volgende is prestasiemetingsvrae wat die bestuurder en werksgroep sal gebruik om die prestasiemetingsplan te bepaal:

- Is elke element voorgestel in die Logika model in plek, op die verwagte vlak vir daardie tydperiode? Is uitkomst en uitsette waargeneem by verwagte prestasie vlakke? Is aktiwiteite geïmplementeer soos dit ontwerp is? Is alle hulpbronne, insluitende deelhebbers, beskikbaar en gebruik op die bedoelde vlakke?
- Het die oorsaaklike verbande soos voorgestel in die Logika model plaasgevind soos beplan is? Is redelike vooruitgang gemaak om die uitkomst te bereik? Was daar onbedoelde voordele of kostes?
- Is daar enige aanneemlike mededingende hipoteses wat die uitkomst kan verduidelik?
- Het die program die verwagte kliënte bereik en is die kliënte tevrede met die program se produkte en dienste? (McLaughlin & Jordan, 1999:71).

‘n Metingsplan sal ‘n klein stel kritiese metings, wat die indikatore van prestasie is, insluit. Die plan sal ook die belangrike prestasiemetingsvrae wat gevra moet word insluit asook die toepaslike tysdberekening vir uitkomst en impakevaluering voorstel. Hierdie benadering tot meting sal die programbestuurder en deelhebbers help om te bepaal hoe goed die program werk om die kort-, medium- en langtermyn doelwitte te bereik. Dit sal ook help om te bepaal watter aspekte van die program en watter eksterne invloede die sukses van die program beïnvloed (McLaughlin & Jordan, 1999:71).

Na afloop van die konstruering van die Logika model word die metodologie en assessering as die stel kritiese metings aangedui.

3.3.5 Samevatting

Die finale produk van die Logika model proses behels dus die Logika model diagramme wat die essensie van die program uitlig, die geskrewe stukke wat die Logika model diagramme beskryf en die metingsplan. Gewapen met hierdie inligting sal die bestuurder in staat wees om met 'n logiese argument die waarde van die program aan ander te kommunikeer en om die program te verbeter. Omdat die storie en die metingsplan ontwikkel is saam met die programdeelhebbers behoort dit 'n gedeelde visie met duidelike en gedeelde verwagtinge van sukses te wees.

3.4 AKTIWITEITS-/ ONTWIKKELINGSMODEL

3.4.1 Inleiding


'n Ontwikkelingsmodel wat deur 'n huishoudkundige, Trollip (1997) ontwikkel en aangepas is deur dieselfde outeur in 1998 en gepubliseer is in 2001 sal vervolgens bespreek word.

Trollip se doel met die model was om 'n raamwerk te stel wat die verband aandui tussen opleidingsbehoefte, motivering (soos deur kulturele faktore beïnvloed), geleentheid en prestasie. Die model moes as riglyn kon dien om projekte wat inkomste genereer deur die vervaardiging van handwerk te fasiliteer om optimaal te funksioneer.

Die model was die resultaat van 'n in-diepte ondersoek na die behoeftes van verskeie projekte wat met en sonder die ondersteuning van fasiliteerders gefunksioneer het. Die resultaat van 'n analise van die behoeftes het gelei tot die formulering van die Aktiwiteitsmodel. Trollip het die model in 1998 aangepas en in 2001 gepubliseer.

Die Aktiwiteitsmodel is teen die agtergrond van 'n model van Blumberg en Pringle soos aangepas deur Robbins (1993:230), geformuleer. Die oorspronklike model het die verwantskap tussen prestasie dimensies uiteengesit. Na 'n analise van die aangepaste

Aktiwiteitsmodel van Trollip (1998) het dit geblyk dat dit reeds uitkomst definieer wat in programontwerp in ag geneem moet word. Die model word vervolgens in Figuur 3.3 voorgestel.



FIGUUR 3.3: AKTIWITEITSMODEL (Trollip, 2001:48)

3.4.2 Bespreking van die Aktiwiteitsmodel

Die model van Trollip (2001:48) stel 'n struktuur voor waardeur inkomste genererende groepe gehelp kan word om optimaal en selfstandig te funksioneer. Sodoende bied dit ook 'n sinvolle struktuur waarteen volwasse opleidingsprogramme geëvalueer kan word (Trollip, 1997:2).

Soos reeds aangedui word die verwantskap tussen 'n persoon se vermoëns, geleenthede, motivering en prestasie aangedui (Trollip, 1997:8).

Elke sleutelkonstruk (vermoëns, geleenthede en motivering) verteenwoordig 'n ontwikkelingsarea wat gekoppel kan word aan bepaalde ontwikkelingsfunksies. Behoefte-gebaseerde opleidingsprogramme is noodsaaklik vir die ontwikkeling van vermoëns. Netwerkvorming of –ontwikkeling is belangrik vir die ontwikkeling van geleenthede en die rol van kulturele betrokkenheid is 'n belangrike voorvereiste vir motivering (Trollip, 1997:9).

Volgens die model kan vermoëns bevorder word deur opleidingsprogramme wat fokus op die ontwikkeling en verfyning van vaardighede in besigheidsprosesse en produkontwikkeling. Besigheidsprosesse fokus op die ontwikkeling van vaardighede soos bestuur, leierskap, bemarking, verkope, besigheidsplanne en finansies.

Produkontwikkeling omsluit aspekte soos produkfilosofie, produkontwerp, produktoetsing, produksie en kwaliteitskontrole. Die ontwikkeling van vermoëns fokus op die ontwikkeling van intrinsieke eienskappe van die groepslede (Trollip, 1997:9).

Groepe funksioneer dikwels in isolasie en weet nie waar om vir ondersteuning aan te klop nie. Deur netwerkvorming kan nuwe geleenthede geskep word, byvoorbeeld groepe wat saamstaan en mekaar ondersteun vir 'n beter bedingingsmag. Geleenthede omsluit aspekte soos die beskikbaarheid van rou materiale, inligting, tegnologie, kommunikasie, akkommodasie, finansiële hulpbronne en potensiële markte (Trollip, 1997:9).

Geleentede hou verband met ekstrinsieke faktore soos 'n swak ontwikkelde infrastruktuur - min of niks kan gedoen word om die situasie te verbeter. Die belang van netwerkvorming moet dus nie onderskat word nie (Trollip, 1997:9).

Onvoldoende geleentede werk remmend in op die suksesvolle funksionering van inkomste-genererende groepe en belemmer ook die groep se motivering en aktiwiteite.

Die derde sleutelkonstruk van die model wat prestasie beïnvloed is motivering. Binnestaander kennis oor die “kultuur” van die groep speel 'n belangrike rol in die toepassing van die beginsels van motivering. Kennis oor aspekte soos groepswaardes, gelowe, norme en doelwitte is belangrike kulturele oorwegings wat in ag geneem moet word tydens die ontwikkeling van opleidingsprogramme. Dit sluit aspekte in soos magstrewes, konflik tussen lede, asook tussen die groep en samelewingslede en –groepe en die beperkinge wat die kulturele konteks op die funksionering van die individu lê. Dit realiseer in 'n bepaalde wêreldsiening en lewenstyl. Daar word beweer dat geen opleidingsprogram suksesvol kan wees indien kulturele oorwegings nie aangespreek word nie (Durham aangehaal deur Littrell, 1996). Andersyds is dit ook belangrik dat deelnemers aan so 'n program die kultuur en waardes van hul teikenmark verstaan om misverstande uit te skakel.

Die twee sleutelaspekte, vermoëns en motivering, kan gesien word as intrinsieke faktore wat prestasie beïnvloed. Tog is geleentede 'n ekstrinsieke faktor net so belangrik. Die model beklemtoon dus die komplekse en wedersydse verwantskap tussen vermoëns, geleentede, motivering en prestasie.

3.5 SAMEVATTING

In die lig van die voorafgaande modelle sal daar gepoog word om die programmodel vir hierdie studie te formuleer. Dit sal geformuleer word in terme van 'n bepaalde konteks. Vervolgens word die konteks of teikenmark vir wie die model bedoel is beskryf.

HOOFSTUK 4

KONTEKS VAN DIE TEIKENGROEP

4.1 INLEIDING

Alvorens die programmodel vir hierdie studie geformuleer word, moet die teikenmark op wie die programmodel gerig is in meer besonderhede bespreek word. Die teikenmark vir hierdie model kan egter nie rigied afgebaken word nie. Elke gemeenskap het 'n unieke konteks en behoeftes wat in ag geneem moet word. Daar sal dus 'n behoefte analise en konteksbeskrywing vir elke projek moet plaasvind. Daar sal nie noodwendig uitgekóm kan word by 'n program wat vir alle projekte net so geld nie. Hierdie programmodel kan as riglyn vir projekte met 'n soortgelyke konteks, dien.

Inligting vir die konteksbeskrywing is ingesamel deur 'n literatuuroorsig en deur middel van onderhoude met 'n relatief suksesvolle groep, naamlik die lede van Tshwaraganang en hul fasiliteerder.

Tshwaraganang is 'n selfhelp ontwikkelingsgroep gebaseer in die gemeenskap van Mmotla in die Tswaing Krater museum area. Hul visie is om te werk vir die welsyn van die individuele lede en die gemeenskap deur inkomste te genereer. Dit word gedoen deurdat die groep projekte fasiliteer wat die gemeenskap kan bevoordeel. Tradisionele handvaardighede in kralewerk en grasweefwerk word aangewend om produkte te maak met 'n unieke Afrika karakter wat aangepas is vir moderne gebruik.

Die konteksbeskrywing behels die fisiese konteks en hulpbronne asook die kulturele konteks van die groep en word vervolgens bespreek.

4.2 KONTEKSBESKRYWING

4.2.1 Fisiese konteks en hulpbronne

Kennis omtrent die fisiese konteks van die gemeenskap, hul omgewing en beskikbare hulpbronne moet ingesamel word. Die volgende temas, soos deur Wasserman & Kriel (1997:29) uitgelig is, word gebruik om die konteksbeskrywing vir hierdie programmodel te bespreek.

Demografiese kenmerke. Hierdie model is spesifiek gerig op vroue, oud of jonk wat gedeeltelik geletterd of ongeletterd is en in afgeleë landelike gebiede woon. Die jonger lede is oor die algemeen meer geletterd as die ouer lede.

Vervoerstelsels en infrastruktuur. Die area het 'n swak ontwikkelde infrastruktuur met geen watertoevoer of elektrisiteit nie. Daar is min winkels en openbare geboue in die area. Akkommodasie vir groepsaktiwiteite is beperk en oor die algemeen onvoldoende. Die paaie is swak en die paaie struktuur is onderontwikkeld. Openbare vervoer is baie duur en dikwels onbetroubaar. Die lede beskik ook oor geen privaat vervoer nie.

Behuising. Die huise lyk tipies soos huise in 'n plattelande area. Dit is klein en word dikwels deur meer as een gesin bewoon. Dit is wydverspreid en lede moet ver loop om enige aktiwiteite, soos ontwikkelingsprojekte, by te woon.

Ekonomiese strukture. Tradisioneel word die mans as broodwinners beskou en die vroue moet tuisbly om die huishoudelike take te verrig. Hulle het min geleentheid en toegang tot opleidingsfasiliteite en sodoende min geleentheid om inkomste te genereer. Die vroue het min of geen toegang tot hulpbronne nie en is onervare om finansiële hulpbronne te bestuur. Fondse van eksterne bronne om projekte op die been te bring is ook beperk.

Politieke omstandighede. Omstandighede is baie positief omrede die regering fokus op die bemagtiging van die vrou, veral swart vroue.

Mags- en leierskapstrukture. Gemeenskapsleiers beklee 'n hoë status in die gemeenskap en word deur die lede vertrou. Deur kontak met hulle te maak kan die vertroue van die gemeenskapslede gewen word.

Kommunikasienetwerke. Kommunikasienetwerke binne die gemeenskap is goed ontwikkel as gevolg van die gemeenskapsleiers. Lede kommunikeer ook met mekaar en nuus versprei vinnig. Kommunikasienetwerke buite die gemeenskap is swak ontwikkel of bestaan glad nie. Die lede weet nie waar om voorraad aan te koop nie en het geen kontak of bedingingsmag met groothandelaars nie. Kommunikasievaardighede in 'n ander taal skep dikwels probleme en lei tot misverstande.

Bestaande menslike hulpbronne in die gemeenskap. Die vroue beskik oor tradisionele handvaardighede, byvoorbeeld kralewerk, weefwerk en inheemse kennis. Bykans geen van die lede beskik oor produkontwikkelings- of bemarkingsvaardighede nie. Hulle het geen besigheids opleiding ontvang nie. Hulle ken en verstaan ook nie die behoeftes van hul afsetmark nie (Trollip, 1997:2-10; Tshwaraganang onderhoude, Mei: 2001).

4.2.2 Kulturele konteks

In gemeenskapsontwikkeling word 'n verandering in individuele bestaande waardes, houdings en gedrag onderskryf. 'n Waardeverandering is 'n traumatiese ervaring vir die mense wat daarby betrokke is, aangesien dit tegelyk waardeverlies (aflegging van bestaande waardes) en waarde-aanvaarding (aanleer van nuwe waardes) impliseer. Dit is 'n lang proses wat slegs in uitsonderlike gevalle glad verloop (Wasserman & Kriel, 1997:59).

'n Gemeenskap se waardebelewenis van die projek bepaal die sukses van die projek. Projekte word makliker aanvaar indien die gemeenskap self betrokke is by die proses. Indien die gemeenskap die geleentheid gebied word om self hul behoeftes te identifiseer, word 'n emosionele verbintenis met die projek bewerkstellig. Hierdie emosionele verbintenis verseker verdere betrokkenheid by die latere stadia van die projek. Sodanige betrokkenheid bring eweneens realistiese insig in die konflik tussen behoeftes en beskikbare hulpbronne (Wasserman & Kriel, 1997:68).

Die invloed van tradisionele kosmologiese beskouinge belemmer dikwels die sukses van ontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika. Die belangrikste hiervan is 'n spiritualistiese of magiese belewenis van die werklikheid, waarin 'n dominante rol aan die bonatuurlike toegeskryf word. Die geestesingesteldheid van die swart bevolkingsgroepe, wat gevorm is deur hul kosmologie, is gewoonlik nie bevorderlik vir die geleiding van kapitalistiese idees soos individualiteit, kreatiwiteit, konseptuele denke, die rasionele benadering tot oorsaak-gevolg effek, lineêre toekomsbeplanning ensovoorts, nie. Hul wêreldsiening moet eers oorkom en verander word voor 'n nuwe waardesisteem ontwikkel kan word. Dit is duidelik dat die diep gewortelde idees op die kognitiewe vlak van kultuur eers verander moet word voordat Westerse ontwikkelingsmodelle suksesvol toegepas kan word (Malan, 1988:61). So nie, moet modelle aangepas word om die kosmologiese idees van swartes te akkommodeer.

4.2.2.1 Kosmologie van swart Suid-Afrikaners

Die kognitiewe sisteem en kosmologie van swart Suid-Afrikaners word vervolgens kortliks aan die hand van Malan (1988:62-64) se beskrywing bespreek:

God. Vir die meeste Swartes is God 'n skynhoof in die struktuur van die bonatuurlike wêreld maar geen aktiewe diens word aan hom gelewer nie. Hy word beskou as die Skepper van hemel en aarde, alle lewende dinge sowel as geeste en bonatuurlike kragte; daarna onttrek hy Homself en werk Hy deur tussenpersone om sy skepping te bestuur.

Natuur. Natuur word gesien as 'n samehangende geheel waarin geen onderskeid gemaak word tussen natuurlike en bonatuurlike kragte nie. Natuurlike hulpbronne word deur die Skepper voorsien om die mens se behoeftes te bevredig. Hierdie hulpbronne word slegs ontgin wanneer regte daarvoor verkry is. Daar bestaan nie 'n ingesteldheid om dit behoorlik te bestuur nie en die gevolg daarvan is dat die natuurlike hulpbronne oorontgin en vernietig word. Rykdom word in hul konteks geassosieer met politiese regte oor natuurlike en menslike hulpbronne. Die sterkste groep besit gewoonlik regte oor die beste hulpbronne in 'n bepaalde area. Rykdom word dus nie beskou as iets wat 'n individu kan bereik deur harde werk nie. Dit is die resultaat van 'n kollektiewe poging om beskikbare hulpbronne te

verkry en te beheer. In die persoon se verwysingsraamwerk is tyd perseptueel en siklies, byvoorbeeld die seisoenale siklus en aanplanting. Tyd is nie 'n hulpbron wat gebruik kan word vir toekomsbeplanning nie omdat dit nie konseptueel en linieër beskou word nie. Ruimte word ook verstaan en begryp in terme van die natuurlike kenmerke van die omgewing. Hulle verkies byvoorbeeld om 'n dorp of pad sonder 'n plan te bou en hulle oor te laat aan die voorskrifte van die omgewing. 'n Pad sal byvoorbeeld om 'n boom of klip loop eerder as wat dit 'n reguit lyn sal volg. Dit is godsdienstig verkeerd om die ritme van die natuur te verander.

Mens en hul geeste. Die mens bestaan uit 'n liggaam, 'n siel en 'n gees. Die siel word dikwels vergelyk met 'n skaduwee en 'n gees met die wind of asem. Tydens sterfte verlaat die siel en gees die liggaam en verenig om 'n voorvadergees te vorm. Daar word geglo dat hierdie geeste begaaf is met die kragte van God wat hul in staat stel om die lewe van hul nakomelinge te beïnvloed. Die geloof in voorvadergeeste vorm die kern van die tradisionele geloof van Suid-Afrikaanse swartes. Die geeste word deur gebed en offers aanbid om hulle tevrede te stel en hul welwillendheid te verseker. Hierdie geeste word oor die algemeen met siektes en rampe geassosieer eerder as met goeie gawes. Die verhouding tussen die lewendes en dooies word dus tot 'n groot mate gedomineer deur vrees.

Bonatuurlike kragte. Behalwe die geeste is daar ook 'n onpersoonlike bonatuurlike krag wat deur magiese kragte gemanipuleer word. Voorspellers beskik oor spesiale kragte om die oorsake van rampe en ander verskynsels te voorspel - deur heksery of deur die aksies van die voorvadergeeste. Toordokters beskik ook oor magiese kragte om mense te genees.

Gemeenskapslewe. Gemeenskapslewe is baie beslissend in swart samelewings en dit plaas streng beperkinge op die ontwikkeling van individuele lewenstyle. Die groepsbewussyn is die sterkste faktor wat die waardes en sosiale oriëntasie van die lede bepaal. Daar is min plek vir persoonlike inisiatief en onafhanklike aksie in so 'n samelewing. Rolle en verpligtinge is voorafbepaal en kan nie verander word nie. Harmonie in so 'n samelewing word verseker deur konformerings aan groepsbelangstellings en aksies.

Holisme. Die totale heelal word beskou as 'n geïntegreerde sisteem. Analitiese kategorisering en konseptuele denke oor die interverwantskappe van die verskillende komponente is totaal onduidelik. Die meeste swart kulture besef dat hul eie kultuur nie voldoende is om die verskillende natuurlike, menslike en spirituele hulpbronne in die kosmos tot hul volle potensiaal te kan ontgin nie. Om hierdie rede is hulle bereid om bruikbare instellings van ander kulture wat hul spesifieke behoeftes sal bevredig aan te neem. Hierdie proses van akkulturasie vind hoofsaaklik op funksionele vlak plaas met die doel om lewenstoestande op alle vlakke te maksimaliseer. Veranderinge op kognitiewe vlak is minimaal.

Bose kragte. Die element van die bose of euwel word hoofsaaklik geassosieer met magiese kragte wat deur boosaardige mans en vroue gemanipuleer word tot die nadeel van ander. Townaars en hekse word in die gemeenskap as hoogs verradelik beskou omdat dit hul hoofdoel is om ander skade aan te rig en te vermoor. Baie swartes wat blootgestel is aan die Christelike kultuur, verpersoonlik bonatuurlike bose kragte deur dit met die aksies van die duiwel te assosieer. In die meeste gevalle is dit slegs 'n toevoeging tot hul tradisionele geloof en nie 'n plaasvervanger nie.

4.2.2.2 Problematiese kosmologiese veronderstellings

Vanuit die voorgaande oorsig is die mees problematiese kosmologiese veronderstellings, wat ontwikkeling van swart Suid-Afrikaners inhibeer, soos volg:

Daar bestaan 'n vae onderskeiding tussen die natuurlike en die bonatuurlike; met die bonatuurlike oral deurdringend. Daar word geglo dat natuurlike rampe en siektes die werk is van die bonatuurlike en dus buite die mens se beheer is. Dit is die rede waarom daar steeds 'n aanvraag is na die dienste van toordokters (Malan, 1988:64).

Tyd word binne 'n sikliese raamwerk van dae, maande en seisoenale siklusse ervaar. Die linieêre konsep van tyd, as 'n basis vir toekomsbeplanning en doelwitstelling, ontbreek. Die sikliese herhaling van tyd vestig 'n roetine. Roetine werk kan, onder toesighouding, suksesvol geïmplementeer word maar innoverende en sistematiese toekomsbeplanning op

bestuursvlak is baie beperk. Sonder 'n linieêre konsep van tyd is dit egter nie moontlik om ontwikkelingsprogramme, wat fokus op die toekoms, te implementeer nie (Malan, 1988:64).

Natuurlike prosesse word normaalweg aanvaar sonder enige intensie om dit te verander tot hul eie voordeel. Die verfyning en bestuur van natuurlike hulpbronne vind ook nie plaas nie. Sonder kreatiwiteit, persoonlike en groepsverantwoordelikheid sowel as versigtige beplanning sal alle natuurlike hulpbronne vernietig word (Malan, 1988:64).

Ekonomiese sekuriteit word geassosieer met kontrole oor verskeie hulpbronne. Die ekonomiese proses, bestaan nie uit die ontwikkeling van rykdom op mikro vlak deur die ontwikkeling van 'n produktiewe surplus ekonomie, nie. Dit is eerder 'n proses waar rykdom en regte afgegee word van bo na onder. Gemeenskappe is dus in kompetisie met mekaar om beheer oor die hulpbronne te kry. Dit lei tot kollektiewe eienaarskap (Malan, 1988:64).

Ekonomiese aktiwiteite op plaaslike vlak word deur die onmiddellike bestaansbehoefes van die familie bepaal. In tradisionele samelewings word geen surplus vir investering in die ekonomie geproduseer nie. Indien een lid in die familie ekonomies aktief is, sal die ander lede minder werk en afhanklik van hom word (Malan, 1988:64).

Die mag van groepsbewustheid en gemeenskaplikheid verseker konformering tot groepsnorme en deelname aan groepsaktiwiteite. Ondernemende individue wat die potensiaal het om 'n toekoms te bou word meestal ontmoedig om tot aksie oor te gaan weens die vrees van bonatuurlike sanksies indien hulle die tradisie verbreek (Malan, 1988:65).

Die holistiese persepsie van 'n geïntegreerde kosmos bestaan uit swak gedefinieerde kategorieë van verskynsels. Dit lei tot 'n hoë mate van interaksie tussen die verskillende velde van gemeenskapslewe. Politiek, geloof, ekonomie, opleiding, ensovoorts beïnvloed mekaar wedersyds. Die onvermydelike gevolg is dat skole, kerke en formele

werksorganisasies nie funksioneer volgens hul eie beginsels nie maar maklik betrokke raak en beïnvloed word deur aktiwiteite buite hul eie veld van belangstelling (Malan, 1988:65). Nog 'n problematiese kosmologiese veronderstelling is dat daar weerstand gebied moet word teen die bese magte deur die agente waardeur hulle werk, te vernietig. Dit behels die doodmaak van hese maar ook die verwerping van individue wat groepsolidariteit bedreig. Individuele ontwikkeling is dus baie beperk weens die druk van konformiteit (Malan, 1988:65).

4.2.2.3 Hantering van problematiek rakende kosmologiese idees

Verskeie pogings is deur die meeste Westerse lande aangewend om ekonomiese groei en ontwikkeling in Afrika te stimuleer. Die meeste hiervan was onsuksesvol. Selfs formele opleidingsprogramme het nie die verwagte heroriëntasie teweeg gebring nie. Die rede hiervoor is hoofsaaklik as gevolg van die botsing tussen moderne en tradisionele waardesisteme (Malan, 1988:65).

In 'n omvattende studie oor die problematiese verskille tussen die kognitiewe sisteme van Christene, die internasionale besigheidskultuur en die kultuur van swart Suid-Afrikaners het Cook aangehaal in Malan (1988:65) die volgende relevante aanbevelings vir die opvoedkundige sisteem gemaak:

- Swart studente behoort suksesvol in hul hoër opleiding te wees in 'n sisteem wat buite hul milieu ontwikkel is. Oriëntasie kursusse wat ontwerp is om kosmologieë te verbaliseer, die ontwikkeling van 'n bewustheid van natuurlike veroorsaking en verbeterde konseptualisering kan van waarde wees.
- Motiverings- en selfgeldingskursusse sal meer suksesvol wees as 'n basis in die area van kosmologie en konseptualisering eers gelê is.
- Die belangrikheid van oorsaak en gevolg behoort tydens instruksie in ag geneem te word.
- 'n Opvoedkundige filosofie met 'n beter balans tussen die opleiding van om die studente te leer om te dink en om hulle te sê wat om te dink moet ontwikkel word.

Kosmologiese probleme is ongetwyfeld die hooforsaak van onbevredigende opleidingsresultate en swak ekonomiese prestasie. Oplossings wat slegs die aspekte van die sosio-ekonomiese en politieke sisteme openbaar sonder om die houdings en kosmologiese persepsies van die mense te verander, is bestem om te misluk (Malan, 1988:65).

Teen die agtergrond van die voorgaande bespreking word enkele aanvegbare aannames in gemeenskapsontwikkeling bespreek.

4.2.3 Aanvegbare aannames in gemeenskapsontwikkeling

Die oorsake vir die beperkte sukses van ontwikkelingsprogramme kan in talle gevalle teruggevoer word na die onderliggende aannames waarop gemeenskapsontwikkeling berus. Sommige van hierdie aannames kan as aanvegbaar of selfs foutief bestempel word en talle van die praktykfrustrasies sou voorkom kon word indien hulle vooraf hiervan bewus was. Dit is belangrik dat die buitestaander of programbeplanners nie vooraf aannames oor hierdie mense se lewenstyl maak nie en die reeds bestaande aannames nie net so aanvaar nie. Die mees prominente aanvegbare aannames oor die gemeenskap word vervolgens kortliks toegelig na aanleiding van die insiggewende uiteensetting van Wasserman & Kriel (1997:69-80).

Die eerste aanname is dat gemeenskappe harmonieuse belange-eenhede is. Daar word aanvaar dat gemeenskapkonsensus altyd verkry kan word. Dit is nie altyd moontlik nie omdat sommige konflikte gebaseer is op ingeboude botsings in belange. Onder die oënskynlike harmonie wat deur bepaalde kulturele praktyke soos kommunale grondbesit op mense afgedwing word, is daar dikwels in gemeenskappe 'n groot mate van individuele selfgesentreerdheid en onderlinge uitbuiting sprake. Gemeenskapslede is dikwels jaloers op mekaar en buit mekaar uit. Daar is nie altyd sprake van 'n basiese harmonie van belange en aspirasies in die veelsoortige groeperings volgens geslag, ouderdom, herkoms, beroep en verantwoordelikhede nie. Sosiale stratifikasie in gemeenskappe verdeel eerder as om 'n harmonie van belange te skep (Wasserman & Kriel, 1997:68).

Die nastrewing van programdoelwitte word dikwels ondergeskik gestel aan die instandhouding van verwantskapsnetwerke. Die tyd wat byvoorbeeld aan familietwiste en huweliksooreenkomste spandeer word, inhibeer dikwels die uitvoering van aktiwiteite wat vir die lede van die projek eerder as vir die verwantegroepe voordelig is (Wasserman & Kriel, 1997:68).

Die tweede aanname is dat alle gemeenskapslede wil verander. Die meeste lede is apaties en nie bewus van hul behoeftes nie. Hulle aanvaar hulle omstandighede en het nie 'n begeerte om te verander nie. Hulle is wel bereid om eksterne hulp te ontvang maar sal nie aan alle voorwaardes toegee nie. Hulle wil 'n beter lewe lei maar sonder om dit waarin hulle glo, dit wat hulle het en dit wat hulle tans doen op te offer. Soos Meister (in Wasserman & Kriel, 1997:73) dit stel: “...*adapting to changes does not mean adopting them; to change one's way of working in order to produce more and earn more money, does not change the man himself: he does not consider this new pattern of behaviour as a system of values and standards, except perhaps for a tiny minority, which appears to be imbued with an enterprising spirit*”.

Die derde aanname is dat alle gemeenskapslede die selfvertroue en kennis het om aan ontwikkelingsprojekte deel te neem. Hierdie neiging is egter nie universeel nie. Slegs enkelinge sal tydens ontwikkelingsprojekte aan die besprekings deelneem. Dit is as gevolg van die invloed van sosiale stratifikasie en die gebrek aan selfvertroue (Wasserman & Kriel, 1997:74).

Die vierde aanname is dat alle gemeenskapslede vry en demokratiese besluite mag neem. Hoewel 'n individu of 'n groep teoreties oor die reg beskik om self besluite te neem, bestaan daar tog in die praktyk beperkinge. Die uitoefening van vrye, demokratiese keuses deur gemeenskapslede word deur sosiale strukture en verpligtinge binne 'n gemeenskap aan bande gelê. Dit is bekend dat vroue in veral landelike gemeenskappe nog afhanklik is van hul mans en of manlike verwante se goedkeuring voordat enige besluite geïmplementeer kan word. Die mans sal ook besluite neem oor die geld wat hulle verdien. Die besluite wat geneem word, is dikwels gebaseer op die persoonlike belange van die elite (Wasserman & Kriel, 1997:74-79).

Die vyfde aanname wat gemaak word is dat gemeenskapsleiers noodwendig die belange van die gemeenskap dien. Tydens ontwikkelingsprogramme moet leiers geïdentifiseer en ontwikkel word. Wasserman & Kriel (1997:80) beklemtoon dat leierskap nie te sterk mag word nie vanweë die gevaar dat dit 'n voorskriftelike element kan word. Leiers mag ook nie egoïsties raak nie maar moet toegewyd bly aan die gemeenskap. Leiers wend dikwels projekte primêr tot hulle eie voordeel aan en verander in klein maghebbers (Wasserman & Kriel, 1997:80).

Net soos die fasiliteerder sensitief moet wees vir die kultuur van die teikengroep net so moet die groep sensitief wees vir die kultuur van hul teikenmark. Hulle moet byvoorbeeld aan die behoeftes, smake, voorkeure, kwaliteitstandaarde ensovoorts van hul teikenmark kan voldoen.

4.3 SAMEVATTING

Teen die agtergrond van die aangeduide leemtes en problematiek moet die benadering aangepas word om die inherente tekortkominge uit te wis om sodoende die toepassingswaarde daarvan te verhoog. Mense word in groepsverband gestimuleer en kan mekaar dus in die navolging van 'n nuwe praktyk ondersteun. Die unieke omstandighede in die Afrika-gemeenskappe vereis egter 'n benadering waarin daar minder klem geplaas word op die massa van die gemeenskap en meer klem op die ondernemende individu. Hierdie standpunt word deur verskeie skrywers ondersteun. Julia Henderson aangehaal in Wasserman & Kriel (1997:87) beweer byvoorbeeld dat daar in gemeenskapsontwikkeling soveel klem gelê is in gemeenskapsolidariteit en die verkryging van die betrokkenheid van die totale gemeenskap, dat die basis van die solidariteit en gemeenskapsbetrokkenheid, naamlik die individu, in die slag gebly het. Op die lang duur sal dit waarskynlik meer effektief wees as daar gekonsentreer word op diegene met die vermoë om vooruit te dink en te beplan, wat kan leiding neem en ander lede kan "saamtrek" in die proses, as om op die massa te fokus. Deur deelname van gemeenskapslede word gesonde kommunikasiekanale in die gemeenskap gevestig (Wasserman & Kriel, 1997:68). Die klemplasing op die ondernemende individu mag egter nie in terme van die Westerse individualisme geskied

nie. Dit behels slegs die verwydering van alle beperkinge op individuele inisiatief sodat individuele potensiaal tot ontplooiing kan kom.

Dit is belangrik om te onthou dat elke gemeenskap 'n unieke konteks en behoeftes het wat in ag geneem moet word. Daar sal dus 'n behoefte analise en konteksbeskrywing vir elke projek moet plaasvind. Hierdie programmodel geld slegs vir projekte met 'n soortgelyke konteks. In die lig van die voorafgaande word die analitiese raamwerk vir hierdie studie vervolgens geformuleer.

HOOFSTUK 5

ANALITIESE RAAMWERK

5.1 INLEIDING

Teen die agtergrond van die voorgaande hoofstukke word daar voortgegaan om 'n analitiese raamwerk te ontwikkel. Die analitiese raamwerk moet nie as 'n rigiede voorskrif gesien word nie, maar eerder as 'n voorgestelde denkraamwerk in breë trekke wat kan dien as 'n riglyn vir ander soortgelyke projekte. Die raamwerk stel nie 'n rigiede voorskrif nie omdat projekte se kontekste en ledesamestelling verskil en elke raamwerk daarvoor voorsiening behoort te maak.

5.2 PROGRAMDOELSTELLING

Die programdoelstelling vir hierdie analitiese raamwerk behels die volgende: Die daarstelling of ontwikkeling van 'n analitiese raamwerk wat ten doel het om inkomstegenereringsprojekte so te fasiliteer dat dit optimaal as mikro-besighede so winsgewend funksioneer dat die projekte elk 'n inkomste verdien van ten minste 66% van die minimum loon wat wetlik vir ongeskoolde werkers, byvoorbeeld huishulpe, gestel word.

Die analitiese raamwerk is spesifiek gerig op projekte wat in landelike gebiede met 'n swak ontwikkelde infrastruktuur opereer; wat oorwegend handvervaardigde artikels produseer en waarvan die ledetal hoofsaaklik uit ongeletterde en halfgeletterde vroue bestaan.

In terme van Mouton se model (1999:10) moet programdoelwitte gestel word om die programdoelstelling te realiseer. Om die doelstelling te verwesenlik beteken dat die projek

as 'n winsgewende mikro besigheid bedryf moet word. Vir só 'n mikro besigheid sal die bereiking van die volgende doelwitte belangrik wees:

- Doeltreffende programbestuur en administrasie
- Doeltreffende kontrole en beheer
- Doeltreffende finansiële bestuur
- Doeltreffende akkommodasie en hulpbronontginning
- Doeltreffende bemarking (produk, plek, kliënt en promosie)


Hierdie doelwitte sal bepaalde uitkomste impliseer. Daar is gepoog om die doelwitte in 'n analitiese raamwerk te vergestalt.

5.3 ANALITIESE RAAMWERK

Die programdoelwitte en vier aktiwiteitsgroepe van Trollip se Aktiwiteitsmodel (2001:48) naamlik besigheidsbestuur, produkontwikkeling, netwerkvorming en ledeverbintenis en toegewydheid word as uitgangspunt vir die analitiese raamwerk gebruik. Dit word dan omgeskryf in terme van die drievlak- model van Schreier (1981:32). Na analisering van die Aktiwiteitsmodel is gevind dat die aktiwiteite wat aangedui word oor die drie vlakke versprei is. Die verskeie komponente op elke vlak word in terme van die Logika model uitgebrei. Die metodologie en assesseringskriteria word terselfdertyd gestel. Die assesseringskriteria kan as basis dien vir formatiewe evaluering sodat regstellings voortdurend kan plaasvind. Summatiewe evaluering vind plaas wanneer daar gekyk word of die uitkomste in lyn is met die gestelde doelstellings. Die analitiese raamwerk word vervolgens in Figuur 5.1 voorgestel


Makro-vlak komponente

Kontrole besluitneming:




Intermediêre vlak komponente

Implementering:



Individu vlak komponente

Kennis- en vaardigheidsontwikkeling:




FIGUUR: 5.1 ANALITIESE RAAMWERK

Hoewel die analitiese raamwerk as 'n reglynige model aangebied word is dit 'n interaktiewe model. Die prosesse word nie noodendig afgehandel op 'n bepaalde vlak nie en vind gelyklopend plaas soos dit ook deur Schreier (1981:31-62) en McLaughlin & Jordan (1999:69) aangedui word.

Soos die projek ontwikkel en uitbrei word daar voortdurend na die kontrole besluite teruggegaan en aanpassings gemaak. Alles gebeur nie tegelykertyd nie en baie aspekte word in die aanvangsfase beplan en uitgetoets en weer later verander soos die projek vorder.

Vervolgens word die voortdurende wisselwerking tussen die komponente van die onderskeie vlakke in Figuur 5.2 aangedui. So 'n model maak dit duidelik dat daar voortdurend aanpassings gemaak kan word.



FIGUUR 5.2: VOORSTELLING VAN DIE VOORTDURENDE WISSELWERKING TUSSEN DIE KOMPONENTE VAN DIE ONDERSKEIE VLAKKE

Uit die voorstelling is dit duidelik dat daar 'n voortdurende wisselwerking tussen die verskillende komponente van die onderskeie vlakke is en prosesse gelyklopend plaasvind.

As daar in die proses van formatiewe evaluering gevind is dat bepaalde besluite, wat op die makro-vlak geneem is, nie goed werk nie kan daar van die intermediêre vlak teruggegaan word om die besluite aan te pas al vind dit eers na twee of drie jaar plaas.

Volgens Wasserman & Kriel (1997:39) gaan ontwikkelaars dikwels vanuit die standpunt dat na afloop van evaluering hulle dit nie weer hoef uit te voer nie. Ontwikkeling vind egter plaas en daar moet voortdurend aanpassings gemaak word in die aanvanklike besluite om die program gerig te hou om die gestelde doelwitte te bereik.


Vervolgens word die verskillende komponente van die analitiese model in terme van die Logika model uitgebrei.

5.3.1 Makro-vlak komponente: Kontrole besluitneming

Vervolgens word die verskillende komponente van die makro-vlak in terme van die Logika model uitgebrei.

5.3.1.1 Projekontwerp, bestuurs- en administratiewe besluitneming

Vervolgens word die komponent projekontwerp, bestuurs- en administratiewe besluitneming verder uitgebrei.



FIGUUR 5.3: PROJEKONTWERP, BESTUURS- EN ADMINISTRATIEWE BESLUITNEMING

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.3 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomste te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Verkry inligting oor die samestelling van 'n konstitusie uit relevante literatuur
- Bestudeer konstitusies van soortgelyke projekte
- Versamel inligting oor projekbestuur en die administrasie daarvan


Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:

Omvat die konstitusie aspekte soos die volgende:

- Missie en doelstellings
- Bestuursportefuljes
- Portefulje funksies
- Vergaderingsprosedures
- Regulasies ten op sigte van lidmaatskap en lede-organisasie
- Administrasie van projek
- Administrasie van voorraad

5.3.1.2 Finansiële bestuur en hulpbronne

Vervolgens word die komponent finansiële bestuur en hulpbronne verder uitgebrei.



FIGUUR 5.4: FINANSIËLE BESTUUR EN HULPBRONNE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.4 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Bestudeer literatuur oor die samestelling van 'n finansiële bestuursplan
- Bywoning van kursusse oor boekhouding, prysbepaling, ensovoorts.
- Beskikbare kennis van die fasiliteerder


Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in: Omvat die finansiële bestuursplan aspekte soos die volgende:

- Boekhouding
- Besigheidsplan
- Bestedingsplanne
- Bedryf van 'n bankrekening
- Besluite oor ledegeld en ledebydraes
- Besluite oor fondsverkryging uit verkope
- Besluite oor befondsingsaansoeke: motivering en vorderingsverslae

5.3.1.3 Hulpbronontginning- en verkrygingsbesluite

Vervolgens word die komponent hulpbronontginning- en verkrygingsbesluite verder uitgebrei.

(i) Intern: Projek



FIGUUR 5.5: INTERNE HULPBRONONTGINNING- EN VERKRYGINGSBESLUIE


Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.5 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomste te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Breinstorm

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:

- Is alle interne vaardighede ontgin?
- Is die belangrike gemeenskapsleiers en politici geïdentifiseer?
- Is daar besluit hoe daar met die gemeenskaps- en politieke leiers kontak gemaak gaan word?

(ii) Ekstern: Gemeenskap



FIGUUR 5.6: EKSTERNE HULPBRONONTGINNING- EN VERKRYGINGSBESLUIE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.6 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:


- Ondersoek alle moontlike hulpbronne
- Kry inligting oor die gemeenskap, gemeenskapsleiers en ander deelhebbers

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:

- Vergelyk alternatiewe om te bepaal of die mees koste effektiewe besluite oor die akkommodasie, vervoer en hulpbronne geneem is.
- Bevat die raamwerk vir inligting-insameling byvoorbeeld die volgende:
 - Hoe kan fondse bekom word vir akkommodasie?
 - Hoe kan fondse bekom word vir vervoerkoste?
 - Hoe kan fondse bekom word om voorraad aan te koop?
 - Hoe gaan inligting oor kralewerk, kraleverskaffers ensovoorts verkry word?
- Is daar deelhebbers geïdentifiseer wat in netwerk met die projek kan saamwerk, byvoorbeeld ander projekte, ander fasiliteerders, gemeenskapsorganisasies ensovoorts?
- Hoe en waar gaan daar met die deelhebbers kontak gemaak word?

5.3.1.4 Bemerkingsbesluite: Produkbesluite en produkfilosofie

Vervolgens word die komponent bemerkingsbesluite verder uitgebrei.



FIGUUR 5.7: BEMARKINGSBESLUIE: PRODUKBESLUIE EN PRODUKFILOSOFIE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.7 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomste te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Bestudeer relevante literatuur
- Skakel met die kliënte waarop die produk gerig is vir idees
- Eksperimenteer vir estetiese en funksionele aanvaarbaarheid van die produk by die kliënt
- Versamel inligting oor nuwe idees vir effektiewe bemarking
- Eksperimenteer met moontlike verkooppunte
- Woon handelskoue, uitstallings, ensovoorts by

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:


- Is produklyne realities in terme van die hulpbronne beskikbaar, produksievaardighede van die lede en die marknis.
- Is die produk aanvaarbaar ten opsigte van die estetiese en funksionele eienskappe?
- Wat is die verkoop- en bemarkbaarheid van die produk binne 'n bepaalde tydraamwerk?
- Kan 'n bepaalde winsgrens bereik word?

5.3.2 Intermediêre vlak komponente: Implementering

Vervolgens word die verskillende komponente van die intermediêre-vlak in terme van die Logika model uitgebrei.

5.3.2.1 Projekbestuur

Vervolgens word die komponent projekbestuur verder uitgebrei.



FIGUUR 5.8: PROJEKBESTUUR

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.8 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Bestudeer relevante literatuur
- Kry inligting by die fasiliteerder
- Eksperimenteer en leer uit ervaring

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:
Ledeorganisasie:

- Word bywoning in 'n register aangeteken?
- Word kennisgewings uitgegee om inligting te versprei?
- Word daar kontrole gehou van lede se werksprosedures en verpligtinge?
- Word daar gehou by die besluite oor tuiswerk en groepwerk?
- Word die uitvoer van produksietake gekontroleer om by produksie teikendatums te hou?

Voorraadhouding:


- Word vaste toerusting soos meubels gekontroleer?
- Word daar kontrole gehou oor grondstowwe soos krale, naalde, werksdraad, ensovoorts?
- Word produksievoorraad gemerk en gekontroleer op 'n gereelde basis?

Instandhouding:

- Wie is verantwoordelik vir die instandhouding van die gebou en die toerusting?
- Word stukkende toerusting vervang?
- Word fondse effektief aangewend vir instandhouding?

5.3.2.2 Finansiële bestuur en hulpbronne

Vervolgens word die komponent finansiële bestuur en hulpbronne verder uitgebrei.



FIGUUR 5.9: FINANSIËLE BESTUUR EN HULPBRONNE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.9 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Raadpleeg kenners in die veld
- Nader die betrokke instansies vir die nodige inligting
- Bestudeer relevante literatuur

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:
Wettiging van die projek:

- Voldoen die projek aan die vereistes ten opsigte van registrasie as 'n besigheid?

Bankrekening:

- Word die bankrekening korrek bestuur?

Boekhoudingsstelsel:

- Is die boekhoudingsstelsel effektief?

Toerusting en voorraad:

- Is betaling van toerusting en voorraad op datum?
- Word voorraad koste-effektief bestuur?


Rekening betaling:

- Word rekeninge, byvoorbeeld elektrisiteit, selfoon, ensovoorts reg bestuur en betyds betaal?

5.3.2.3 Hulppronontginning en netwerkvorming

Vervolgens word die komponent hulppronontginning en netwerkvorming verder uitgebrei.

(i) Intern: Projek



FIGUUR 5.10: INTERNE HULPPRONONTGINNING EN NETWERKVORMING

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.10 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Kry inligting by die projeklede oor hul gelettertheid en vaardighede
- Kry inligting by die gemeenskaps- en politieke leiers
- Kry inligting en raad by die fasiliteerder
- Eksperimenteer en leer uit ervaring


Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:
Vaardighede van die lede:

- Is alle vaardighede ontgin?
- Is die werk verdeel volgens die lede se vaardighede?

Kontak met gemeenskapsleiers:

- Is alle gemeenskapsleiers geïdentifiseer?
- Is 'n goeie verhouding met die gemeenskapsleiers opgebou?
- Is politieke leiers geïdentifiseer?
- Is 'n goeie verhouding met die politieke leiers opgebou?

(ii) Ekstern: Gemeenskap



FIGUUR 5.11: EKSTERNE HULPBRONONTGINNING EN NETWERKVORMING

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.11 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Kry inligting by die gemeenskapsleiers en lede van die gemeenskap
- Kry inligting by die lede oor hul vaardighede
- Kry inligting en raad by die fasiliteerder
- Eksperimenteer en leer uit ervaring

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:
Akkommodasie:

- Is die mees geskikste akkommodasie vir die bepaalde tydstip gekies?
- Is die akkommodasie voldoende vir die bepaalde projek?
- Is die akkommodasie toeganklik vir al die lede?

Vervoer:

- Is die vervoer maklik bekombaar vir die lede?
- Is die vervoer bekostigbaar?
- Is die vervoer betroubaar?
- Is die vervoer veilig om te gebruik?

Opleidingsgeleenthede:

- Is die opleiding verdeel volgens die lede se vaardighede?
- Is die opleiding bekostigbaar?
- Is die opleiding doeltreffend?

Bemarkingsgeleenthede


- Is die bemarkingsgeleenthede effektief?
- Is die bemarkingsgeleenthede bekostigbaar?


Voorraadleweransiers:

- Word kwaliteit produkte teen die bes mootlike prys voorsien?
- Is die voorraad altyd beskikbaar?

5.3.2.4 Produkontwikkeling

Vervolgens word die komponent produkontwikkeling verder uitgebrei.





FIGUUR 5.12: PRODUKONTWIKKELING

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.12 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Inligting word ingesamel deur middel van marknavorsing en eksperimentering oor behoeftes aan en aanvaarbaarheid van produkte
- Reageer op die markvraag na nuwe produkte
- Reageer op die raad van verbruikers, konsultante en aankopers uit die industrie
- Inligtingsoeke vir idees in die media, nasionaal sowel as internasionaal met en sonder die hulp van 'n fasiliteerder
- Aanpassing en verfyning van bestaande idees

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in: Voldoen die produk onder andere aan die gestelde kriteria in terme van die volgende:

- pas dit in by die produkfilosofie,
- voldoen dit aan die teikenmark se behoeftes en voorkeure,
- voldoen dit aan die gestelde estetiese en funksionele eienskappe wat belangrik is vir die kliënt,
- het dit 'n verkooppotensiaal om binne 'n bepaalde tydraamwerk wins te lewer.

Voldoen die produk aan die gestelde spesifikasies en standaarde, byvoorbeeld ten opsigte van grootte, kwaliteit,, eenvormigheid, ensovoorts.


Is die volgende aspekte tydens prysbepaling in ag geneem:

- Oorhoofse koste
- Vervoerkoste
- Realistiese prys vir arbeid (die wetsbepaling is R6 per uur)
- Rou materiaal koste
- Word kosteberekenings en prysbepalings op realistiese wyse voortdurend tydens produktontwikkeling in berekening gebring en aangepas?
- 45-50% wins bygevoeg by die direkte koste van die produk, ensovoorts.


5.3.2.5 Bemarkingstrategieë

Vervolgens word die komponent bemarkingstrategieë verder uitgebrei.

(i) Promosiemateriaal



(ii) Bemakingstrategieë vir markdeelnames



FIGUUR 5.13: BEMARKINGSTRATEGIEË

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.13 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Bestudeer relevante literatuur
- Doen marknavorsing en eksperimenteer met bepaalde idees
- Skakel met die kliënt waarop die produk gerig is vir idees
- Reageer op die raad van konsultante en aankopers uit die industrie
- Inligtingsoeke in die media, nasionaal sowel as internasionaal
- Aanpassing en verfyning van bestaande idees
- Inligting oor beskikbaarheid en ontwikkelingskoste

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:


- Is daar 'n toename in verkope as bemakingstrategieë toegepas word?
- Is die verpakkingsmateriaal koste-effektief en doeltreffend?
- Trek die logo die aandag van die kliënt?
- Is die inligting op die etiket voldoende en relevant vir die kliënt?
- Is die katalogus koste-effektief en doeltreffend?
- Is vlooiemark deelname suksesvol in terme van toename in verkope en verhoogde wins?
- Is handelskou deelname suksesvol in terme van toename in verkope en verhoogde wins?


5.3.3 Individu vlak komponente

Vervolgens word die verskeie individu-vlak komponente in terme van die Logika model uitgebrei.

5.3.3.1 Aanleer van bestuursvaardighede

Vervolgens word die komponent aanleer van bestuursvaardighede verder uitgebrei.





FIGUUR 5.14: AANLEER VAN BESTUURVAARDIGHEDE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.14 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Bestudeer relevante literatuur
- Kry hulp van die bestuur en fasiliteerder
- Woon kursusse by byvoorbeeld rekenargeletterdheid
- Leer deur uittoets en ervaring

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in: Bestuursportefeuļes:

- Het bestuurslede kennis oor die funksies van die verskillende portefeuļes
- Weet bestuurslede wat van hulle verwag word?
- Word bestuurslede deur die ander lede geëvalueer?

Voorraadhouding en kontrole van grondstowwe:

- Is die sisteem wat gebruik word effektief?
- Is die sisteem maklik om te bestuur?
- Word die sisteem aangepas soos die projek ontwikkel?

Aankoop van rou materiale:

- Word aankope gekoördiner om vervoerkostes te bespaar?
- Word aankope op die korttermyn en langtermyn beplan?
- Word die beste kwaliteit teen die beste prys aangekoop?

Bestellings en individuele produksie:


- Word daar by die afleweringdatums gehou?
- Word daar boek gehou van die verkope van die individuele lede se produkte?

Kommunikasiemiddele:

- Word die telefoon en selfoon effektief bedryf?
- Word faks effektief aangewend?
- Kan 'n rekenaar suksesvol hanteer word?
- Kan sagteware programme doeltreffend geïmplementeer word?

5.3.3.2 Aanleer van produksievaardighede

Vervolgens word die komponent aanleer van produksievaardighede verder uitgebrei.



FIGUUR 5.15: AANLEER VAN PRODUKSIEVAARDIGHEDE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.15 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomste te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Raad en kennis van die fasiliteerder, konsultante en aankopers
- Inheemse kennis oor produksievaardighede van die projeklede
- Reaksie van die kliënt oor die estetiese aanvaarbaarheid van die produk
- Reaksie van die klient oor die duursaamheid en netheid van die produk

Om uiteindelijke formatiewe en summatiwe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in: Produksievaardighede:


- Is produksie van al die lede eenvormig volgens die spesifikasies?
- Het al die lede die tegnieke bemeester?

Kwaliteitsvereistes, standaarde en estetiese vereistes:

- Voldoen die produk aan die gestelde kwaliteitstandaarde?
- Voldoen die produk aan die estetiese standaarde van die kliënt?
- Is kwaliteit grondstowwe gebruik?

5.3.3.3 Aanleer van bemarkingsvaardighede

Vervolgens word die komponent aanleer van bemarkingsvaardighede verder uitgebrei.



FIGUUR 5.16: AANLEER VAN BEMARKINGSVAARDIGHEDE

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.16 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomst te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:


- Inligting verkry uit kursusbywoning
- Raad en kennis van die fasiliteerder om die kultuur van die kliënt te verstaan
- Leer deur rolspel in die projek
- Leer uit eie ondervinding en eksperimentering

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in:

- Pas die verkoopsman kommunikasievaardighede toe, byvoorbeeld kyk die lede die kopers in die oë?
- Tree die lede volgens die westerse waardes en norme op in terme van eetgewoontes, stiptelikheid, ensovoorts?
- Is die bemarkingsaktiwiteite suksesvol?

5.3.3.4 Kulturele sensitering

Vervolgens word die komponent kulturele sensitering verder uitgebrei.



FIGUUR 5.17: KULTURELE SENSITERING

Om die aktiwiteite wat in Figuur 5.17 voorgestel is moontlik te maak om die gestelde uitkomste te bereik, is die volgende metodes gebruik om inligting in te samel:

- Kry inligting oor gestelde projekdoelwitte by die fasiliteerder
- Kry inligting oor die kliëntwaardes by die fasiliteerder
- Bestudeer die kliënt
- Kommunikeer met die kliënt
- Woon werksinkels by

Om uiteindelijke formatiewe en summatiewe evaluering moontlik te maak sluit die assesseringskriteria wat in ag geneem behoort te word vir doelwitformulering onder andere die volgende in: Doelwitverbintenis:

- Word kort-, medium- en langtermyn doelwitte gestel?
- Is die doelwitte realisties en bereikbaar binne 'n bepaalde tydspanne?
- Wat gebeur tydens stil periodes?
- Wat is die waarde en voordeel van groot bestellings?

Teikenmarkinteraksie:

- Verstaan die bestuur en lede die kliënt se smake, voorkeure, ekonomiese waardes, kwaliteitseise, ensovoorts en word dit in die produkte weerspieël?

5.3.4 Logika model implementering

Die analitiese raamwerk se uitbreiding volgens die Logika model prinsiep stel in breë trekke die prosesse voor wat tydens programbeplanning en implementering behoort te gebeur. Al die aksies en aktiwiteite word nie in detail uiteengesit nie. In die proses is gepoog om die logiese vloeï van aktiwiteite voor te stel volgens die voorskrifte van die Logika model.

Soos reeds gestel word die Logika model uit vyf fases saamgestel. Die eerste vier fases behels inligting insameling tot en met die konstruering van die Logika model. Die vyfde fase behels die verifiëring van die Logika model. Die model moet deurgaans geëvalueer word om te verseker dat dit die beplande doel bereik, naamlik om die program logika voor te stel (McLaughlin & Jordan, 1999:68-69). Daar is gepoog om die logiese vloeï van die geformuleerde model te kontroleer deur die programlogika as hipoteses te skryf in 'n opeenvolging van as-dan stellings. Die verifiëring en kontrole aktiwiteite (fase vier en vyf van die Logika model) verteenwoordig soos reeds gestel, die eerste stadium van prestasie-meting. Deur die toepassing van die voorgaande beginsel is verseker dat die program logies gekonstrueer is, dat dit volledig is, en dat dit 'n akkurate prentjie van die program aan die deelhebbers weergee (McLaughlin & Jordan, 1999:70).

Die stel van die assesseringskriteria verteenwoordig die metingsplan. 'n Metingsplan stel kritiese metings oor die prestasie wat bereik moet word. Die plan sluit dus die belangrikste prestasie-metingsvrae wat gevra moet word in (McLaughlin & Jordan, 1999:71).

Die metodologie en assesseringskriteria wat na afloop van elke Logika model gestel is, stel aksies voor wat uitgevoer moet word en dien as riglyne vir veral formatiewe evaluering en kan verder uitgebrei word na gelang van die spesifieke behoeftes van 'n bepaalde projek.

Vervolgens word evaluering in meer besonderhede beskryf.

5.4 EVALUERING

5.4.1 Inleiding

Die vierde doelwit van die studie is om 'n studie te ontwerp wat impak-evaluering sal moontlik maak, naamlik of die program oor tyd heen 'n positiewe verandering in die beplande rigting kon veroorsaak op 'n koste effektiewe wyse.

Dit dien op gelet te word dat daar twee klasse evalueringstudies is (Mouton, 1999:4). Eerstens is daar die groep studies wat verband hou met 'n analise verwant aan die konseptualisering en ontwerp van intervensies, monitering van program implementering en die bepaling van programmeffektiwiteit en doeltreffendheid (Rossi et al, 1999:22). Die tweede groep studies is veral gerig op terugvoer oor die effektiwiteit van die programaksies om sodoende daarop te kan verbeter. Die tipe evaluering sluit formatiewe en summatiewe evaluering in.

Formatiewe evaluering lig probleme uit en verbeter die proses soos die program verloop (Murphy, 1989:457).

Summatiewe evaluering word aan die einde van die periode van eksperimentering of uittoets van die program gedoen. Dit dui aan of die teikengroep die doelwitte van die program bereik het tydens die periode van implementering. Dit dui ook die effektiwiteit of oneffektiwiteit van die program aan (Murphy, 1989:457).

Die belang van goeie programteorie vir die realisering van watter tipe evaluering ook al ter sprake is, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

5.4.1.1 Analise verwant aan konseptualisering en ontwerp

Goeie konseptualisering maak die program evalueerbaar (Mouton, 1999:6). Dit stel die maatstawwe van waarna gekyk moet word – beide tydens implementering van die program

met ander woorde implementeringsevaluering (waar regstellings kan plaasvind of foute uitgeskakel word) sowel as uitkoms evaluering op die ou end (waar die impak van die studie bepaal word). Dit bied 'n raamwerk waarvolgens programme geëvalueer kan word. As samesteller van die analitiese raamwerk is daar soos volg gepoog om hieraan te voldoen.

- 'n Deeglike literatuurstudie is uitgevoer om sodoende riglyne vir programformulering daar te stel.
- 'n Deeglike literatuurstudie en analise van raamwerke vir programontwerp is uitgevoer om sodoende die mees toepaslike raamwerke vir die ontwerp van die analitiese raamwerk te identifiseer en te motiveer.
- 'n Studie oor die konteks van die teikengroep, sowel as die veranderlikes wat 'n invloed kan hê op die funksionering van die program, is uitgevoer. Dit is belangrik dat die program en spesifiek die programdoelwitte ontwerp is om die geïdentifiseerde sosiale behoeftes van die teikengroep doeltreffend aan te spreek.
- Onderhoude is met die lede en die fasiliteerder van 'n bestaande projek gevoer om insig in die teikengroep se behoeftes te verdiep.

Daar is dus gepoog om geldige programteorie as basis vir die analitiese raamwerk te stel. Dit behels die duidelike uitspel van die programdoelstelling, programdoelwitte en die verbandhoudende uitkomstes asook aksies om die voorgaande te realiseer. As die programteorie nie duidelik uitgespel is nie, is daar niks wat agterna as maatstaf kan dien om die sukses van die implementering van die program te bepaal nie of wat die duplisering daarvan kan moontlik maak nie.

5.4.1.2 Monitering van program implementering

Om formatiewe evaluering as 'n vorm van program implementering moontlik te maak, moet aspekte soos die volgende op 'n kontinue basis geëvalueer word.

Evaluering moet byvoorbeeld plaasvind na die aanleer van verskillende vaardighede. As die lede 'n kursus geloop het, het die kursusdoelwitte gerealiseer? Indien nie, moet

aanpassings gemaak word om dit reg te stel. Byvoorbeeld, maak gebruik van 'n ander kursusaanbieder, herhaal die kursus as die lede nie kon byhou nie, stuur ander lede met 'n beter vaardigheidsaanleg vir die bepaalde aspek, ensovoorts. Bestuurs- en administrasie vaardighede moet ook uitgebrei en meer gesofistikeerd raak soos die omvang van die projekfunksionering meer kompleks raak.

Evaluering van sikliese aktiwiteite (soos produkontwikkeling) is nog 'n voorbeeld waar formatiewe evaluering ter sprake is. Elke nuwe produk of produklyn moet geëvalueer en aangepas word totdat dit suksesvol is. Nuwe produksievaardighede moet deurgaans aangeleer en geëvalueer word, nuwe lede moet geleer word, ensovoorts. Regstellings moet voortdurend plaasvind sodat foute uitgeskakel word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die wenslikheid, sukses en doeltreffendheid van die program nie tydens formatiewe evaluering beoordeel word nie. Dit word eers na afloop van die program gedoen.

5.4.1.3 Bepaling van programdoeltreffendheid (summatiewe evaluering)

Evaluering oor die doeltreffendheid van die program het twee fokusse, naamlik die mate waartoe die program die verwagte uitkomst voortbring en die mate waartoe die program voordele in verhouding tot koste lewer (Rossi et al, 1999:37).

Impakbeoordeling bepaal of die gestelde doelwitte van die program inderdaad bereik is. Die evalueerder moet bepaal wat die presiese (verwagte) uitkomst van die program is en dit op 'n geldige en betroubare manier meet (Rossi et al, 1999:37).

Die programdoelwit wat vir hierdie analitiese raamwerk gestel is, is die daarstelling of ontwikkeling van 'n analitiese raamwerk wat ten doel het om inkomste-genereringsprojekte so te fasiliteer dat dit optimaal as mikro-besighede so winsgewend funksioneer dat die projeklede elk 'n inkomste verdien van ten minste 66% van die minimum loon wat wetlik vir ongeskoolde werkers gestel word.

Die maatstaf vir evaluering is die prestasiepeil van 66%. Daar moet dus bepaal word of die projek wel daarin slaag om die lede in staat te stel om hierdie bedrag met hul produkte te verdien; met ander woorde, slaag die program. Evaluering word aan die einde van 'n gestelde periode, byvoorbeeld na twee jaar gedoen. Formatiwe evaluering word uitgevoer om die programdoelstelling te realiseer.

Impakbeoordeling bepaal die relatiewe sukses of onsuksesvolheid van die program. Die uitkomst moet ook teen die laagste moontlike koste bereik word, hier kom die aspek van effektiwiteit in. Die bereiking van die uitkomst "ten alle koste" is onvoldoende (Rossi et al, 1999:37). Die verwantskap tussen koste en die voordele van die program moet in verhouding wees (Mouton, 1999:7).

Vervolgens word die assesseringskriteria vir boekhouvaardighede as voorbeeld uitgebrei na doelwitte, met meetbare uitkomst, om formatiewe evaluering moontlik te maak.

5.4.2 Voorbeeld van evalueringskriteria vir boekhouvaardighede

Die omvang van die studie laat nie toe dat elke aspek van die analitiese raamwerk uitgebrei word vir evaluering nie. Een komponent word as voorbeeld gebruik om aan te dui hoe assesseringskriteria omgeskakel word in doelwitte en uitkomst. Vervolgens word die kursus oor boekhouvaardighede se doelwitte gestel.

Doelwitte: Na afloop van 'n kursus in boekhouvaardighede moet die leerder in staat wees om:

- Basiese finansiële terminologie te verstaan, begryp en suksesvol kan interpreteer.
- Projektkostes suksesvol kan analiseer in terme van vaste- en bedryfskapitaal.
- Die vloeï van geld in 'n besigheid verstaan en die beginsels suksesvol kan implementeer
- 'n Kontantvloeï staat suksesvol kan opstel.
- 'n Kasboek suksesvol kan opstel.
- 'n Balansstaat suksesvol kan opstel.

- Maandelikse omset akkuraat kan bereken.
- Wins en verlies state akkuraat kan opstel
- 'n Finansiële analise kan uitvoer en die inligting suksesvol interpreteer.
- Jaarlikse finansiële state suksesvol kan hanteer.
- In staat wees om 'n boekhoudingstelsel doeltreffend te kan bedryf.

Indien die boekhoudingsvaardighede nie suksesvol uitgevoer kan word nie, moet aksies vir regstelling in werking gestel word. Lede kan byvoorbeeld weer die kursus bywoon, ander lede met 'n beter aanleg vir boekhou kan op die kursus gestuur word, ensovoorts.

Daar word volstaan met hierdie voorbeeld vir evalueringskriteria. Op 'n soortgelyke wyse moet daar vir elke aspek van die projek waar van toepassing, evalueringskriteria gestel word.

5.5 TYDRAAMWERKE

5.5.1 Inleiding

Wat tydraamwerke betref, is twee aspekte vir die programraamwerk van belang. Eerstens is evaluering ten nouste gekoppel aan tydsduur. Om die effektiwiteit van die program te bepaal, ook in terme van koste, is dit noodsaaklik om die tyd wat dit geneem het om 'n programdoelwit of –doelstelling te bereik in ag te neem. 'n Tydraamwerk verskaf dus 'n maatstaf vir evaluering. Tweedens moet implementeerdere 'n ideë hê van die orde waarin aksies behoort plaas te vind, asook hoe lank dit kan neem om 'n bepaalde doelwit en uitkoms te realiseer.

Volgens Trollip & Boshoff (2001:54) is die implementeringsproses gekompliseerd en moeilik om stap vir stap uiteen te sit. Sommige gebeure en prosesse oorvleuel en vind gelyktydig plaas. Schreirer (1981:64) dui ook daarop dat die fases van die implementeringsproses oorvleuel. 'n Fase hoef nie noodwendig suksesvol afgehandel te wees voordat die volgende fase begin nie. Die bespreking daarvan dui alreeds op die

kompleksiteit van die bepaling van 'n spesifieke tydraamwerk waarbinne die bepaalde aksies wat in die projek moet plaasvind, sal gebeur. Dit maak dit moeilik om die hoeveelheid tyd wat aan elke aspek spandeer word te identifiseer.

Hoewel sommige fases oorvleuel is daar wel 'n breë kronologiese orde waarin gebeure plaasvind. Daar sal gepoog word om dit so logies as moontlik uiteen te sit. Die hoeveelheid tyd wat aan elke aspek spandeer word sal ook afhang van die konteks van elke groep, byvoorbeeld die ledesamestelling, die geletterdheidsvlak, leierskapspotensiaal, ensovoorts. Elke projek se tydraamwerk sal verskil en soos wat ontwikkeling plaasvind sal nuwe eise gestel word wat die tydraamwerk sal beïnvloed.

5.5.2 Voorgestelde tydraamwerk

Daar is reeds aangedui dat implementering op verskillende vlakke plaasvind, naamlik op die mikro-, intermediêre- en individu vlak. Hoewel die implementering op verskillende vlakke plaasvind, kan dit op verskillende stadiums of tegelykertyd geskied. Die voorgestelde tydraamwerk word in drie stadiums uiteengesit, naamlik die kort- en medium termyn tydraamwerk, die deurlopende langtermyn tydraamwerk en sikliese tydraamwerke byvoorbeeld die produkontwikkelingsiklus tydraamwerk.

'n Voorbeeld vir die kort- en medium termyn tydraamwerk word vervolgens in Tabel 5.1 voorgestel. Dit behels 'n lys van die aktiwiteite wat uitgevoer moet word. Die tyd word in maande aangedui met kleiner wekelikse tyd indelings. Daar word aangedui wanneer die aktiwiteit sal plaasvind en hoe lank dit sal duur. Die projekbestuur besluite sal byvoorbeeld in die eerste maand plaasvind en ongeveer drie weke duur.



TABEL 5.1: KORT- EN MEDIUM TERMYN TYDRAAMWERK

| Aktiwiteit | Maand | | | | | |
|--|-------|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| Aard van projek | ■ | | | | | |
| Projekbestuur besluite | ■ | | | | | |
| Verkiesing van bestuur | | ■ | | | | |
| Formulering van konstitusie | | ■ | | | | |
| Finansiële bestuursbesluite | | | ■ | | | |
| Akkommodasie, vervoer en hulpbronontginning besluite | | | ■ | ■ | | |
| Bemarkingsbesluite | | | | ■ | ■ | |
| Lede organisasie en administrasie | | ■ | | | | |
| Aankope (toerusting en voorraad) | | | ■ | | ■ | ■ |
| Hulpbronontginning en netwerkvorming | | | ■ | ■ | | |
| Produkontwikkeling | | | ■ | ■ | | |
| Koste en prysbepaling | | | ■ | ■ | | |
| Promosiemateriaal | | | | ■ | ■ | |
| Aanleer van bestuursvaardighede | ■ | ■ | ■ | ■ | | |
| Aanleer van produksievaardighede | | | ■ | ■ | ■ | |
| Aanleer van bemarkingsvaardighede | | | | ■ | ■ | ■ |
| Kulturele sensitering | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ |
| Evaluering | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ | ■ |

‘n Kenmerk van die kort- en medium tydraamwerk is dat dit oor korter periodes strek. Sommige aksies vind in kort afgebakende tydsperiodes plaas terwyl ander terselfdertyd plaasvind en oor langer periodes verloop. Kort- en medium termyn aksies en doelwitte behoort in hierdie tydraamwerk te realiseer.

Gelyklopend met die kort- en medium termyn tydraamwerk word planne vir die langtermyn gemaak. ‘n Kenmerk van die deurlopende langtermyn tydraamwerk is dat die tydperke oor jare strek. Hoewel daar vir die aktiwiteite op die kort- en medium termyn beplan word, realiseer dit eers op die langtermyn. ‘n Voorbeeld word vervolgens in Tabel 5.2 aangedui. Die aktiwiteite word gelys en wanneer dit plaasvind word in jare aangedui.

TABEL 5.2: LANGTERMYN TYDRAAMWERK


| Aktiwiteit | Jare | | | | | |
|---------------------------|------|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| Koop van gebou | | | | | | |
| Wettinging van die projek | | | | | | |
| Handelskou deelname | | | | | | |
| Druk van brosjure | | | | | | |

Planne vir die aktiwiteite word reeds op die kort- en medium termyn gemaak. Dit realiseer eers op die langtermyn, byvoorbeeld die gebou word eers in die derde jaar van die projek aangekoop, die lede is eers na vier jaar gereed om deel te neem aan handelskoue en die brosjure is eers in die vyfde bestaansjaar van die projek gedruk; hoewel die beplanning daarvan reeds gedoen is. Handelskou deelnames en die druk van brosjures vind dan op ‘n kontinue basis plaas.

Die bogenoemde tabel is slegs ‘n voorbeeld van aktiwiteite wat vir die langtermyn beplan word. Die aktiwiteite en tydsduur sal deur die aard van die projek bepaal word.

Sommige aktiwiteite wat in die kort- medium- en langtermyn tydraamwerke gelys is, vind deurlopend op ‘n sikliese wyse plaas, byvoorbeeld die produkontwikkelingsiklus. ‘n Produkontwikkelingsiklus kan van drie tot ses maande duur en word voortdurend herhaal

soos bestaande produkte aangepas en nuwe produkte ontwikkel word. Verskillende siklusse, van die verskeie produkte, vind ook gelyklopend plaas. 'n Voorbeeld van 'n sikliese raamwerk byvoorbeeld die produkontwikkelingsiklus tydraamwerk word vervolgens in Figuur 5.18 voorgestel.



FIGUUR 5.18: PRODUKONTWIKKELINGSIKLUS TYDRAAMWERK (Aangepas uit Brown & Rice, 1998)

Die tydraamwerk vir die produkontwikkelingsiklus is dus 'n aksieraamwerk wat redelik konstant bly. Die bogenoemde figuur is slegs 'n voorbeeld vir sikliese tydraamwerke. Verskeie aktiwiteite sal op sikliese wyse plaasvind.

Die projek moet nie net binne 'n bepaalde tydraamwerk plaasvind nie, maar ook binne 'n bepaalde begroting. Die begrotingsraamwerk word vervolgens onder die loep geneem.

5.6 BEGROTINGSRAAMWERK

5.6.1 Inleiding

'n Begrotingsraamwerk is ook 'n belangrike maatstaf om koste effektiwiteit te meet. Voorts is dit natuurlik van belang wanneer daar vir fondssoeke begroot word.

Wanneer daar aan die begroting vir die bedryf van 'n program gedink word, gaan daar eenmalige kostes wees om die projek te begin sowel as lopende kostes op 'n maandelikse basis. Daar gaan byvoorbeeld fondse nodig wees om die bestuursprosesse op die makrovlak moontlik te maak. Dit sluit onder andere akkomodasie en vervoer in. Op die middelvlak is bemarkingsaspekte, vervoerkostes, die vergoeding van mense wat die bemarking waarneem, brosjures, advertensies, die deelname aan handelskoue ensovoorts alles riglyne wat in gedagte gehou moet word wanneer die begroting opgestel word. Op individu vlak moet kostes verbonde aan opleiding van die projektelede byvoorbeeld rekenaargeletterdheid, ensovoorts in gedagte gehou word.

Die begrotingsraamwerk vir die implementeringsproses wat vervolgens aangebied word is slegs om 'n aanduiding te gee van moontlike kostes. Die getalle wat aangedui word is gebaseer op grond van 'n bestaande projek se behoeftes en kostes. Dit is belangrik om die begrotingsraamwerk deurgaans in gedagte te hou omdat fondse oor die algemeen beperk is en suksesvol aangewend moet word om 'n profyt te toon.

5.6.2 Voorgestelde begrotingsraamwerk

Die begrotingsraamwerk word in terme van aanvangskostes en bedryfsuitgawes aangebied.

5.6.2.1 Aanvangskostes

Enige besigheid of projek het aanvangskostes wat eenmalig plaasvind. Dit is belangrik om te bepaal wat dit sal kos om die projek te begin. Dit is ook belangrik om te bepaal hoe hierdie kostes gefinansier gaan word. 'n Aanduiding van moontlike aanvangskostes word in Tabel 5.5 aangedui. Uiteraard geld die kostes vir die tydstip waarop die formulering van die tersake raamwerk plaasgevind het.

TABEL 5.3: BEGROTINGSRAAMWERK VIR AANVANGSKOSTES

| | |
|---------------------------------|-----------------|
| AANVANGSKOSTES | |
| Uitgawes: | |
| Koop van 'n gebou/oordragkostes | R 40 000 |
| Registrasie van die projek | R 3 000 |
| Aankoop van 'n rekenaar | R 7 000 |
| Aankoop van toerusting | R 2 000 |
| Aankoop van selfoon | R 400 |
| Ander | R xxxx |
| TOTAAL | R xxxxxx |

Die bogenoemde tabel is slegs 'n voorbeeld van moontlike kostes om 'n projek te begin. Dit voorsien slegs 'n riglyn vir die uiteensetting van die aanvangskostes wat eenmalig plaasvind. Sommige van die kostes sal nie vir alle projekte tydens die begin van die projek plaasvind nie, byvoorbeeld die aankoop van 'n rekenaar of die koop van 'n gebou kan eers vir die langtermyn beplan word. 'n Volledige uiteensetting van die aanvangskoste en die eenmalige kostes op die langtermyn sal vir elke projek uitgevoer moet word.

Uitsluitend die aanvangskostes het enige besigheid maandelikse bedryfsuitgawes waarvoor begroot moet word. Hierdie uitgawes word verdeel in vaste en veranderlike uitgawes. Dit

is belangrik dat die inkomste die uitgawes oorskry om sodoende 'n wins te toon.

'n Voorbeeld vir die uiteensetting van die uitgawes wat in ag geneem moet word, word vervolgens in Tabel 5.4 aangedui.

TABEL 5.4: BEGROTINGSRAAMWERK VIR BEDRYFSUITGAWES

| | Maand 1 | Maand 2 | Maand 3 |
|---|---------|---------|---------|
| UITGAWES | | | |
| Veranderlike uitgawes: | | | |
| Advertensie/Bemarking | R 500 | | |
| Verpakking | R 500 | | |
| Vervoer en kosgeld | R 400 | | |
| Lone/ kommisie | R xxx | | |
| Opleiding | R xxx | | |
| Instandhouding van geboue en toerusting | R 200 | | |
| Aankope van grondstowwe | R 1000 | | |
| Ander | R xxxx | | |
| TOTAAL | R xxxx | | |
| | | | |
| Vaste uitgawes: | | | |
| Huur/verband | R xxx | | |
| Salarisse | R xxx | | |
| Skryfbehoeftes | R 100 | | |
| Telefoon rekening | R 400 | | |
| Water en ligte | R 200 | | |
| Ander | R xxx | | |
| TOTAAL | R xxxx | | |

Die bogenoemde tabel is slegs 'n voorbeeld van moontlike kostes wat in ag geneem moet word om 'n projek te implementeer. Die begrotingsraamwerk vir elke projek sal verskil afhangende van hul behoeftes en die fondse beskikbaar.

5.7 SAMEVATTING

Met die voorgaande aanbieding is gepoog om met die analitiese raamwerk vir hierdie studie, die Aktiwiteitsmodel van Trollip (2001:48), die Logika model van McLaughlin & Jordan (1999:67) en die program implementerings-model van Schreirer (1981:32) op 'n logiese wyse binne die raamwerk van die konseptuele model van Mouton (1999:10) te integreer.

Om evaluering moontlik te maak is die assesseringskriteria gestel wat in doelwitte en uitkomste omgeskakel word. Evaluering is 'n noodsaaklike komponent vir die verfyning van beplanning en uitvoering van programme en vir die versekering dat dit in die regte rigting beweeg om die gestelde doelwitte te bereik.

Die implementering van die program vind binne 'n bepaalde tyds- en begrotingsraamwerk plaas. Dit impliseer dat die program oor 'n bepaalde tyd geïmplementeer word en dat die finansies so beplan word dat die projek 'n wins toon om sodoende die programdoelwit te bereik.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was om 'n bestaande Aktiwiteitsmodel, in die veld van gemeenskapontwikkeling en meer spesifiek inkomstegenerering en entrepreneurskap, naamlik die model van Trollip (2001:48) in terme van geskikte konseptuele modelle in 'n programraamwerk te formuleer of te vervat. Ter bereiking van die doel is die basiese konsepte en beginsels van programformulering en progamevaluering ondersoek en bespreek. Sodoende is riglyne vir programformulering geïdentifiseer. Bestaande konseptuele modelle is geïdentifiseer en geanaliseer en daaruit is 'n analitiese raamwerk vir die studie te ontwikkel. Dit lei tot die ontwikkeling van 'n model vir die ontwerp, implementering en evaluering van programme vir landelike, mikro inkomstegenereringsprojekte.

Uit die voorgaande het dit duidelik geblyk dat daar 'n aantal kenmerkende metodologiese beginsels vir programontwerp, implementering en evaluering is. 'n Bondige bespreking van die belangrikste kenmerke word vervolgens gegee; naamlik:

- Die waarde van 'n analitiese raamwerk
- Die belangrikheid van konseptuele duidelikheid
- Fokus op ontwerp eerder as metode
- Die tydsberekening vir evaluering

6.2 KENMERKENDE METODOLOGIESE BEGINSELS

6.2.1 Die waarde van 'n analitiese raamwerk

Sonder 'n analitiese raamwerk is dit feitlik onmoontlik om 'n program suksesvol te ontwerp, te implementeer en te evalueer. Dit word algemeen aanvaar dat analitiese raamwerke, soos modelle en teorieë, 'n aantal belangrike funksies vervul, naamlik:

- dit gee definisies vir sleutelkonsepte
- dit rig data-insameling en data-analise
- dit gee 'n raamwerk waarteen data geïnterpreteer kan word (Mouton, 1999:103-104).

In hierdie studie is daar van verskeie analitiese raamwerke gebruik gemaak om data te versamel en te orden. Dit het die formulering van die analitiese raamwerk gerig. Die konseptuele raamwerk vir sosiale programme van Mouton (1999:10) het 'n breë verwysingsraamwerk, waarbinne die analitiese raamwerk vir hierdie studie geformuleer is, daargestel. Die Aktiwiteitsmodel van Trollip (2001:48) is binne die vlakke van die programimplementeringsmodel van Schreier (1981:32) geïnterpreteer. Dit is dan in konseptuele modelle uitgebrei volgens die Logika model van McLaughlin & Jordan (1999:67). Dit beklemtoon die belangrikheid dat enige program of projek deur analitiese raamwerke gerig moet word, soos dit ook in hierdie studie gedoen is. By implikasie verhoog dit die geldigheid van die analitiese raamwerk vir hierdie studie.

6.2.2 Die belangrikheid van konseptuele duidelikheid

Duidelik geformuleerde programdoelwitte en programdoelstellings is 'n basiese vereiste vir die sukses van enige projek. Dit is 'n belangrike hulpmiddel om uitkomst te realiseer en evaluering moontlik te maak. Vaag en ondubbelsinnige doelwitte word algemeen aanvaar. Die "beste" programdoelwitte word aan 'n sterk teoretiese raamwerk verbind. Programdoelwitte wat teoreties aanneemlik is, is meer geneig om die verwagte uitkomst te realiseer (Mouton, 1999:103). Die doelwitte moet omskryf word as konkrete doelstellings

met meetbare uitkomst. Dit maak operasionalisering moontlik.

Tydens die ontwikkeling van enige program of projek is dit belangrik om duidelikheid oor hierdie aspekte te hê, ten einde suksesvol te wees.

6.2.3 Fokus op ontwerp eerder as metode

Enige navorsingsontwerp behels 'n navorsingsplan of die logika van die studie. Dit is ast' ware die "bloudruk"; die logiese raamwerk wat die proses rig. Net so moet elke program deur 'n logiese raamwerk gerig word. Mouton (1999:105) gee die voorbeeld dat niemand 'n huis sal bou sonder 'n plan nie. Die plan spesifiseer byvoorbeeld watter materiale benodig gaan word, die hoeveelhede daarvan, die dimensies van die gebou, die tydraamwerk vir skedulering, kwaliteitskontrole metings en die verwagte uitkomst. Dit gee dus struktuur en logika aan die projek. Eers sodra die plan in plek is skuif die aandag na metodologie, byvoorbeeld hoe die data ingesamel gaan word. Dit is duidelik dat ontwerp metode voorafgaan en dit ook tydens programontwerp sal geld.

In hierdie studie is dit duidelik dat daar eerstens op ontwerp gefokus is, alvorens die fokus na metode geskuif het.

6.2.4 Die tydsberekening vir evaluering

Mouton (1999:100) stel dat dit ideaal sou wees as evaluering reeds tydens die programontwerp beplan en geïmplementeer word. Sodoende kan regstellings reeds tydens die ontwerp van die program gemaak word. Evaluering vind deurlopend plaas en nie net na afloop van die program implementering nie. Voordurende terugvoer en regstellings maak die bereiking van die programdoelstelling en -doelwitte uiteindelik moontlik.

6.3 GEVOLGTREKKING

Uit die literatuur het dit geblyk dat daar eerstens 'n leemte is aan 'n model vir inkomste generering deur handvaardighede. Tweedens is daar 'n leemte aan 'n model as 'n hulpmiddel, wat nie net insette en prosesse beskryf nie, maar wat ook 'n maatstaf verskaf om uitkomste te meet in terme van die beoogde doelstellings en 'n raamwerk vir evaluering voorsien.

Die skrywer is oortuig dat die raamwerk 'n daadwerklike behoefte in die ontwikkelingsveld aanspreek maar dat die geldigheid finaal tydens die werklike implementering van 'n projek, met soortgelyke omstandighede soos dié wat beskryf is, aangetoon moet word.

LITERATUURVERWYSINGSLYS

- BLAKELY, EJ. 1979. *Community Development Research: Concepts, issues and strategies*. New York. Human Sciences Press.
- BRIERS, SA. 1989. *Home Economics. A manual for college students and teachers*. Via Afrika. Goodwood.
- BROWN, P & RICE, J. 1998. *Ready-to-Wear. Apparel Analysis*. 2nd ed. Columbus, Ohio. Prentice-Hall.
- BURGER, J. 1997. A strategic development management orientation for local authorities. *Development Southern Africa* 14(1):79-95.
- CAMPBELL, DT & STANLEY JC. 1966. *Experimental and quasi-experimental designs for research*. Stoki, IL. Rand McNally.
- DAWN OF THE AFRICAN CENTURY. 2001. *National Research and Technology Foresight Project*. Pretoria. South Africa. Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- DURHAM, DE & LITTRELL, MA. 2000. Performance factors of Peace Corps handcraft enterprises as indicators of income generation and sustainability. *Clothing and Textile Research Journal* 18(4):260-272.
- GLOCK, RE & KUNZ, GI. 1995. *Apparel manufacturing. Sewn product analysis*. 2nd ed. New Jersey. Prentice-Hall.
- GROENEWALD, CJ. 1984. Evaluasienavorsing in gemeenskapsontwikkeling. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie* 15(3):129-137.

KEMPEN, EL, GREYVENSTEIN, LA & VENTER, MD. 1997. Analysis of a nonformal educational sewing project. *Journal of Dietetics and Home Economics* (2):131-134.

KOTZE, DA & KOTZE, PMJ. 1996. What is wrong in development? *Focus Forum* 4(1):1-8. Pretoria. Human Sciences Research Council.

KOTZE, DA & SWANAPOEL, HJ. 1983. *Guidelines for practical community development*. Pretoria. Promedia Publications.

LITTRELL, M. 1996. Small business decentralization: A case example from South Asia. *Paper presented at the workshop on Marketing soft goods to the world: Challenges and opportunities*. ITAA Conference. Banff, Canada.

MALAN, JS. 1988. The cosmological factor in development programmes. *South African Journal of Ethnology* 11(2):61-66.

MCKILLUP, J. 1998. Need analysis: Process and techniques. In Bickman, L & Rog, JB, *Handbook of applied social science research methods*. London. Sage.

MCLAUGHLIN, JA & JORDAN, GB. 1999. Logic models: A tool for telling your program's performance story. *Evaluation and Program Planning* 22:65-72.

MOUTON, J. 1999. *A practical guide to programme evaluation. A case study of the Thousand Schools Project evaluation*. Centre of Interdisciplinary Studies. Occasional studies:1. Unpublished report. University of Stellenbosch.

MAYOUX, LC. 1989. Income generation for woman in India: Problems and prospects. *Development Policy Review* 7(1):5-28.

MURPHY, G. 1989. The evaluation of educational programmes. *Development Southern Africa* 6(4):454-466.

PROSAVAC, EJ & CAREY, RG. 1992. *Program Evaluation: Methods and case studies*. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

ROBBINS, SP. 1993. *Organizational behaviour. Concepts, controvertsies and applications*. 6th ed. Englewood Cliffs. New York. Prentice-Hall.

ROSSI, PH, FREEMAN, HE & LIPSEY, MW. 1999. *Education: A Systematic Approach*. 6th ed. Thousand Oaks, California. Sage.

SWART, H. 2000. Nuwe inisiatief begin om agtergeblewenes op te hef. *Sake-Beeld* 23 Maart:1.

SCHREIRER, MA. 1981. *Program Implementation: The Organizational Context*. London. Sage.

SWANEPOEL, HJ. 1989. *Community Development: Putting ideas into action*. Johannesburg. Juta & Company Ltd.

TAPSON, DR. 1995. Using a strategic management approach to improve the development impact of public sector funds. *Development Southern Africa* 12(2):259-264.

THE PEOPLE OF SOUTH AFRICA CENSUS, 1996: Census in brief (1998). Statistics South Africa.

TROLLIP, AM. 1997. Towards developing a model for the empowerment of rural South African women. *Journal of Dietetics and Home Economics* 25(1):2-10.

TROLLIP, AM. 2001. The development of a strategy for the facilitation of income-generating projects in rural communities: an insider account. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences* 29:45-51.

TROLLIP, AM & BOSHOFF, E. 2001. Income-generating projects in rural communities: from theory to practice – a personal report. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences* 29:52-59.

TSHWARAGANANG. 2001. Persoonlike gesprekke. Pretoria.

WASSERMAN, I & KRIEL, JD. 1997. *Feite en Flaters. Perspektiewe op Gemeenskapsontwikkeling*. Pretoria. Wasserman & Kriel.

WESSELS, CE. 1990. *Die bydrae van gemeenskapswerk, gemeenskapsorganisasie, maatskaplike beplanning en gemeenskapsaksie tot gemeenskapsontwikkeling: 'n Teoretiese beskouing*. M.A. Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

WETMORE, SB & THERON, F. 1998. Community development and research: Participatory learning and action – a development strategy in itself. *Development Southern Africa* 15(1):29-54.